PRYS 50c

ALMANAK

EN

BYBELSE DAGBOEK

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

1967

Uitgegee vanweë die Algemene Vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk

61ste JAARGANG

CROXLEY
SKRYFBEHOEFTES

Die pad van 'n miljoen penne

Verkrygbaar vanaf alle vooraanstaande skryfbehoefte handelaars.

Dring daarop aan!

ALMANAK

EN BYBELSE DAGBOEK

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

1967

REDAKSIE:

Ds. T. F. J. Dreyer
Hoof-redakteur

Ds. S. E. Young

en

Ds. C. H. Muller

Redakteur van Statistieke:
Mnr. A. B. van N. Herbst

Prys 50c

61ste JAARGANG

Gedruk deur die N.H.W.-Pers, Posbus 171, Krugersdorp.

BESTEL NOU VIR JULIE-AUGUSTUS 1967

Vrugtebome, Rose, Sierbome, ens.

Alle Landboukoöperasies in Suidelike Afrika is ook vir ons agente

Rand Gold Nurseries

(George du Plessis)

Posbus 278 — Foon 660-1026
KRUGERSDORP

BLINDEDERMONTSTEKING

KENTEKENS

- *Pyn in die regtersy*
- *Aangepakte tong*
- *Koors van* 100 *tot* 102 *grade*
- *Verharde maagwande*

Dit is onnodig om die blindederm sonder meer te laat uithaal. Blindedermontsteking kan vandag teen geringe koste behandel word met 'n middel wat die afgelope dertig jaar honderde lewens gered het en duisende lyers die doktersmes laat vryspring het — die Dr. Mullers-Blindedermmiddel.

Wanneer die blindederm pla, probeer eers die

DR. MULLERS-BLINDEDERMMIDDEL

70c per bottel by alle apteke of posvry van Norwood Coaker, Posbus 89, LADYBRAND.

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord 7

Kerklike en ander gedenkdae 9

Historiese Kalender 11

Alfabetiese lys van predikante in bediening 34

Wagter, hoe ver is dit in die nag? 36

J. D. Weilbach 39

Oordenking — ds. C. J. S. van Niekerk 40

Ds. A. J. G. Oosthuizen 43

R. J. Benade 46

Ds. T. F. J. Dreyer 47

Oordenking — ds. P. M. Smith 49

Die opleiding van ons predikante 52

'n Loopbaan in die S.A.U.K. 55

G. W. Rex 59

J. C. en S. A. C. du Plessis 67

Die Afrikaanse perswese as beroep 69

I. M. Prinsloo 70

My Taak 71

Immigrante kom tot ons 73

H. Smit 77

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 81

Kaapse Predikante voor 1814 87

Vroeëre predikante sedert 1853 88

Diensdoenende predikante op 15 September 1966 91

Professore en lektore 97

Studente 98

Statistieke van Gemeentes 99

Ringe van Gemeentes 99

Universiteits- en skoolkalenders 162

Vir elke dag — Bybelse Dagboek 167

Gemeentelike Statistieke — Inhoudsopgawe 374

U Erfenis aan die Nageslag



Pragtige kerkmeubels keurig vervaardig deur

S.A.T.I.M.

S.A. Timber and Joinery Works (Edms.) Bpk.

★

WERK TEN VOLLE GEWAARBORG

★

Preekstoele — Kerkbanke — Kerkmeubels
Deure — Houtwerk

★

S.A.T.I.M.

Telefoon 834-1571 Posbus 6680

Kosterstraat 3, Booysens,
JOHANNESBURG

VOORWOORD

Die voorwoord van die 60ste Jaargang van DIE ALMANAK het geëindig met die woorde: „Ons verwagting en hoop is dat nieteenstaande die verhoogde prys die omset nie sal verminder nie en dat elke leser sal saamstem dat die vermeerde inhoud dit ruimskoots vergoed". Dit was 'n begeerte. Ons is erg dankbaar dat die begeerte vervul is en dat die veranderinge wat aangebring is by die lesers in die smaak geval het. Die aanvraag was soveel groter as in die verlede dat etlike duisende van die Almanak daarna weer gedruk moes word. Die Dagboekgedeelte het bepaald in 'n behoefte voorsien. Nou dat dit beter bekend is dat elke Almanak voortaan 'n dagboekgedeelte sal hê, hoop ons van harte dat die oplaag wat gedruk word nog groter sal wees as verlede jaar.

Ons bied u dan nou hiermee die 61ste Jaargang van ons Kerkalmanak aan in die hoop dat dit mee sal help tot die gereelde gebruik wat vroeër feitlik in elke huisgesin die gewoonte was, naamlik om „boeke te vat".

Ons dank en waardering aan al diegene wat bydraes gelewer het of wat op een of ander wyse gehelp het om die uitgawe moontlik te maak.

Mag dit veral dien tot uitbreiding van die Koninkryk van God en tot verheerliking en grootmaking van Sy nooit genoeg volprese Naam.

Hom alleen kom toe die eer, die heerlikheid, die danksegging en die aanbidding.

T. F. J. DREYER.

Pretoria.



BOUERS VAN
DEFTIGE

**PYP-
ORRELS**

vir

MEER AS 'N
HALWE EEU

•

**BEROEMD VIR
KLANK**

•



COOPER, GILL & TOMKINS

[Edms.] Bpk.

Die firma met tradisie!

Staibstraat 33, Nu-Doornfontein, Johannesburg
Tel. 22-8718

**STEMKONTRAKTE — GEHOORTOESTELLE
KERKKLOKKE**

Ook te: Kaapstad, Durban, Port Elizabeth.

KERKLIKE EN ANDER GEDENKDAE IN 1967

Nuwejaarsdag	1 Januarie
Eerste Lydensweek	5 Februarie
Tweede Lydensweek	12 Februarie
Derde Lydensweek	19 Februarie
Vierde Lydensweek	26 Februarie
Vyfde Lydensweek	5 Maart
Sesde Lydensweek	12 Maart
Goeie Vrydag	24 Maart
Paassondag	26 Maart
Paasmaandag	27 Maart
Van Riebeeckdag	6 April
Dankdag vir die oes	9 April
Hemelvaart	4 Mei
Pinkstersondag	14 Mei
Republiekdag	31 Mei
Gesinsdag	10 Julie
Bartholomeusnag	24 Augustus
Setlaarsdag	4 September
Biddag vir die oes	8 Oktober
Heldedag	10 Oktober
Hervormingsfees	29 Oktober
Eerste Adventsweek	3 Desember
Tweede Adventsweek	10 Desember
Geloftedag	16 Desember
Derde Adventsweek	17 Desember
Vierde Adventsweek	24 Desember
Kersfees	25 Desember
Tweede Kersdag	26 Desember
Oujaarsdag	31 Desember

OPENBARE FEESDAE 1968

Nuwejaarsdag	1 Januarie 1968.
Van Riebeeckdag	6 April 1968.
Goeie Vrydag	12 April 1968.
Paasmaandag	15 April 1968.
Hemelvaartdag	28 Mei 1968.
Republiekdag	31 Mei 1968.
Gesinsdag	(tweede Maandag in Julie)
Setlaarsdag	(eerste Maandag in September)
Krugerdag	10 Oktober 1968.
Geloftedag	16 Desember 1968.
Kersdag	25 Desember 1968.
Tweede Kersdag	26 Desember 1968.

SAOB

. . . . DIE EERSTE EN GROOTSTE PYPORREL-FABRIEK IN SUID-AFRIKA



- Lewer gemiddeld een orrel per week af.
- Bied 'n volledige en gereelde stem- en onderhoudsdiens aan oor die hele Suider Afrika.
- Verbou en restoureer bestaande orrels.
- Bou ook 'n volledige reeks standaardmodel orrels teen uiters lae pryse vir kleiner kerke en sale.
- Het reeds 'n groot aantal pyporrels aan privaat persone, skole, universiteite en ander instellings gelewer.
- Vervaardig benewens orrels ook toringuurwerke, luiklokke, dowegehoortoestelle en ander kerkmeubels soos banke, preekstoele, nagmaaltafels, ens.
- Takke en tegniese verteenwoordigers te

KAAPSTAD	BLOEMFONTEIN	PORT ELIZABETH	POTCHEFSTROOM	DURBAN	JOHANNESBURG
55-3848/77-8687	74969	51-2639	7381	79895	7063539

SUID-AFRIKAANSE ORRELBOUERS (EDMS.) BPK.

POSBUS 200 SILVERTON PRETORIASTRAAT 157

TELEFOON 76-4844/5/6, 76-4305 NA-URE: 76-5751, 76-5200

JANUARIE 31 DAE

MAANSVERANDERING

3 Laaste Kwartier .. .. 4.19 nm.
10 Nuwemaan .. .. .. 8.06 nm.
18 Eerste Kwartier .. .. 9.41 nm.
26 Volmaan .. .. 8.40 vm.

Dag van die Week.	Maand.		Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
S	1	Verskyning van die Almanak, 1907	5 18	7 05
M	2	Oorgawe van Jameson, 1896	5 19	7 05
D	3		5 19	7 05
W	4	Kommando teen Dingaan, 1840	5 20	7 05
D	5		5 21	7 04
V	6	Inswering van Pres. M. W. Pretorius, 1857 Die Vierkleur te Potchefstroom gehys, 1857	5 22	7 04
S	7		5 23	7 04
S	8		5 23	7 04
M	9		5 24	7 04
D	10	Stigting van die Gereformeerde Kerk, 1859	5 25	7 04
W	11		5 26	7 04
D	12		5 26	7 04
V	13		5 27	7 04
S	14	Die Kerk van Wolmaransstad ingewy, 1911	5 28	7 04
S	15		5 28	7 04
M	16		5 29	7 04
D	17	Sandrivier Konvensie, 1852	5 30	7 04
W	18	Eerste Gekomb. Kerkverg. aan die Kaap gehou, 1746	5 30	7 04
D	19	Die Kaap 'n Engelse Kolonie, 1815	5 31	7 03
V	20	Generaal P. J. Joubert gebore, 1831	5 32	7 03
S	21	Die gemeente Rustenburg gestig, 1850	5 33	7 03
S	22		5 33	7 03
M	23	Slag by Spioenkop, 1900	5 34	7 03
D	24		5 35	7 03
W	25		5 35	7 03
D	26		5 36	7 02
V	27		5 37	7 02
S	28	Slag van Laingsnek, 1881	5 38	7 02
S	29	Die Holl. taal in die Kaapse Geregshowe belet, 1824	5 38	7 02
M	30		5 39	7 01
D	31		5 40	7 01

PSL

DOOSLEGGERS, KONSERTINALEGGERS
PLATLEGGERS, TOEGANKLIKE LEGGERS

HANDTEKENING-KLADDERS
SEËLBOEKE
ENS.

•

U KAN HIERDIE BY U SKRYFBEHOEFTE-
HANDELAAR VERKRY

Vervaardig deur

SILVERAY

Handelsnavrae:

PRESS SUPPLIES LIMITED

Posbus 7591	Posbus 2401	Posbus 1706
JOHANNESBURG	KAAPSTAD	DURBAN

Ook Voorraadhouers van:

PAPIER, DRUKKERSMASJINERIE EN -BEHORE

FEBRUARIE 28 DAE

MAANSVERANDERING

2 Laaste Kwartier .. .. 1.03 vm.
9 Nuwemaan .. .. .. 12.44 nm.
17 Eerste Kwartier .. .. 5.56 nm.
24 Volmaan .. .. 7.43 nm.

Dag van die Week.	Maand.		Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
W	1	Die Kerk van Eendracht ingewy, 1919	5 41	7 00
D	2		5 42	7 00
V	3	Generaal C. de Wet oorlede, 1922	5 43	6 59
S	4	Retief—Dingaan-Traktaat onderteken, 1838	5 44	6 58
S	5	Die Kerk van Heilbron ingewy, 1916	5 44	6 58
M	6	Ds. J. J. Kuhn oorlede, 1937	5 45	6 57
D	7		5 46	6 57
W	8		5 47	6 56
D	9		5 47	6 55
V	10	Generaal de Wet trek Kaapkolonie binne, 1901	5 48	6 55
S	11		5 49	6 54
S	12	Ds. C. W. du Toit oorlede, 1932	5 49	6 53
M	13	Grondwet van die S.A. Republiek aangeneem, 1858	5 50	6 52
D	14	Stigting van die Republiek Natal, 1840	5 51	6 52
W	15		5 52	6 51
D	16		5 52	6 50
V	17	Voortrekkerslaer by Moordspruit uitgemoor, 1838	5 53	6 49
S	18	Martin Luther oorlede, 1546	5 45	6 48
S	19		5 54	6 48
M	20	Die gemeente Ventersdorp gestig, 1892	5 55	6 47
D	21	Holland herneem besit van die Kaap, 1803	5 56	6 46
W	22	Die eerste Kerk van Pretoria ingewy, 1857	5 56	6 45
D	23	Die Vierkleur te Pretoria gehys, 1857 Eerste Kerkraad Herv. Gem. Potchefstroom benoem, 1842	5 57	6 45
V	24	Die Kerk van Potchefstroom ingewy, 1866	5 58	6 44
S	25	Die Kerk van Pretoria ingewy, 1905	5 59	6 43
S	26		5 59	6 42
M	27	Amajuba, 1881 Die gemeente van Johannesburg gestig, 1895	5 59 6 00	6 42 6 41
D	28	Ds. P. W. v. Drimmelen in Humpata oorlede, 1919		

Weblers

STAALVENSTERS

(EDMS.) BPK.

Posbus 15, Luipaardsvlei **Foon 664-4471 (3 lyne)**

FREDERICK COOPERLAAN — FACTORIA
KRUGERSDORP

Vervaardigers van

Vensters

VIR HUISE, KERKE, SKOLE EN INDUSTRIËLE GEBOUE

Spreek ons gerus vir u benodigdhede t.o.v.

DEURE en STAALVENSTERS

MAART 31 DAE

MAANSVERANDERING

3 Laaste Kwartier .. .. 11.10 vm.
11 Nuwemaan .. .. .. 6.30 vm.
19 Eerste Kwartier .. .. 10.31 vm.
26 Volmaan .. .. 5.21 vm.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.		Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
W	1		6 01	6 39
D	2		6 02	6 39
V	3		6 03	6 37
S	4	Inswering van President Steyn, 1896	6 03	6 36
S	5	Hoeksteen van die Kerk van Ermelo gelê, 1910	6 04	6 35
M	6	Die gemeente Oos-Londen gestig, 1937	6 05	6 34
D	7		6 05	6 33
W	8		6 06	6 32
D	9	Slagtersnek, 1816	6 06	6 31
V	10		6 07	7 30
S	11	Lydenburg skei af, 1857	6 07	6 29
S	12	Oudl. A. H. Klazinga van Lichtenburg oorlede, 1920	6 08	6 29
M	13		6 08	6 28
D	14		6 09	6 27
W	15		6 09	6 26
D	16		6 09	6 25
V	17		6 10	6 24
S	18	Sandrivier Konvensie te Rustenburg bekragtig, 1852	6 10	6 23
S	19		6 11	6 22
M	20	Oudl. A. Rocher van Ventersdorp oorlede, 1912 Die gemeente Bloemfontein-Noord gestig, 1937	6 11	6 20
D	21		6 12	6 19
W	22		6 12	6 18
D	23	Afkondiging van die vrede te Pretoria, 1881	6 13	6 17
V	24		6 14	6 15
S	25	Die Kerk te Potgietersrus ingewy, 1924	6 14	6 14
S	26	Eerste Kerkviering Herv. Gem., Potchefstroom, 1842	6 14	6 12
M	27	Generaal P. J. Joubert oorlede, 1900	6 14	6 12
D	28	Die Kerk van Ventersdorp ingewy, 1913	6 15	6 10
W	29		6 15	6 10
D	30	Hoeksteen van die Kerk te Johannesburg gelê, 1935	6 16	6 09
V	31		6 16	6 08

Saambou

PRESTEER DEUR LEIERSKAP

1 **Eerste** en grootste Afrikaanse Bouvereniging—gestig 1942.

1 Saambou is die **eerste** Bouvereniging wat besparing koppel aan goedkoop groeplewensversekering. Saambou se **kolskoot-spaarplan** is 'n kombinasie van die beproefde spaarmetode deur middel van subskripsieaandele met belastingvrye diwidende en die voordele van groeplewensversekering met besonder lae premies.

1 **Stigter en alleeneienaar van Woltemade Versekeraars Beperk**—Die **eerste** Suid-Afrikaanse Versekeringsmaatskappy deur 'n Bouvereniging gestig, ten volle deur 'n Bouvereniging beheer en **toegespits op huiseienaarsversekering**—'n maatskappy wat reeds gedurende sy eerste boekjaar polisse ter waarde van R80,000,000 uitgereik het.

Dit is hierdie „eerstes" waarop Saambou se aanspraak op leierskap berus. Dit is ook hierdie „eerstes" wat oor die jare van Saambou die grootste Afrikaanse Bouvereniging gemaak het. En dit is hierdie „eerstes" wat verantwoordelik is vir Saambou se groot bydrae tot die bevordering van die spaargeneigdheid van die publiek en tot die ontwikkeling van 'n gevoel van trotse huiseienaarskap by die volk van Suid-Afrika.

Saambou

(PERMANENTE) **BOUVERENIGING**

Voorsitter: Dr. M. S. Louw

BATES OORSKRY R90,000,000 – RESERWES OORSKRY R2,700,000

WAAR MENS TUIS VOEL

VZ&R 1362A/1

APRIL 30 DAE

MAANSVERANDERING

1 Laaste Kwartier .. .. 10.58 nm.
10 Nuwemaan .. .. .. 12.20 vm.
17 Eerste Kwartier .. .. 10.48 nm.
24 Volmaan .. .. 2.03 nm.

Dag van die Week.	Maand.		Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
S	1	Stigting Teologiese Fakulteit te Pretoria, 1917 Dr. J. H. Greyvenstein Hoogleraar te Pretoria, 1917 Dr. S.P. Engelbrecht Hoogleraar te Pretoria, 1921	6 17	6 07
S	2		6 17	6 06
M	3		6 18	5 05
D	4		6 18	6 04
W	5		6 18	6 03
D	6	Aankoms van Van Riebeeck in Tafelbaai, 1652 Gemeente Chrissiesmeer gestig, 1892	6 19	6 02
V	7	Die Kerk van Nylstroom ingewy, 1922	6 19	6 01
S	8		6 20	6 00
S	9		6 30	6 59
M	10		6 21	5 58
D	11	Die Kerk van Bronkhorstspruit ingewy, 1913	6 21	5 57
W	12	Die eerste anneksasie van Transvaal, 1877	6 22	5 56
D	13	Oudl. M. J. Prinsloo van Witfontein oorlede, 1892	6 22	5 55
V	14		6 23	5 54
S	15	Hoeksteen van die ou Kerk van Ventersdorp gelê, 1893	6 23	5 53
S	16		6 24	5 53
M	17	Ds. M. J. Goddefroy emeritus, 1917	6 24	5 52
D	18	Die eerste Kerk van Potchefstroom ingewy, 1851	6 25	5 51
W	19		6 25	5 50
D	20	Hoeksteen van die Kerk op Chrissiesmeer gelê, 1892	6 26	5 49
V	21	Ds. N. J. van Warmelo oorlede, 1892	6 26	5 48
S	22		6 27	5 47
S	23	Die Kerkraad van Witfontein wil nie verenig nie, 1886	6 27	5 47
M	24	Oudl. F. G. Wolmarans van Potchefstroom oorlede, 1872	6 28	5 46
D	25	Protes van die Hervormers te Spiers, vandaar Protestante, 1529	6 28	5 45
W	26	Eerste Kerk van Rustenburg ingewy, 1851 Gemeente Wolmaransstad gestig, 1892	6 29	5 44
D	27		6 29	5 43
V	28		6 20	5 42
S	29	Tweede Dorsland trek, 1875	6 30	5 41
S	30	Koningin Juliana van Nederland gebore, 1909	6 31	5 40

Koop direk van die fabriek

— — — EN BESPAAR!

★ **KOSHUISMEUBELS**

★ **VOUSTOELE**

★ **KERKMEUBELS, ens., ens.**

★

ONS IS VERSKAFFERS AAN DIE N.H. WEESHUIS, KRUGERSDORP EN TALLE ANDER INRIGTINGS

STEEL en BARNETT Bpk.

Posbus 3449 —— Tel. 869-2211

JOHANNESBURG

— PROBEER ONS EERSTE —

HARTKWAAL

Die hart is 'n groot spier wat die bloed na alle organe van die liggaam pomp. By sommige mense is die hartspier geneig om pap en moeg te raak — 'n toestand wat deur onreëlmatige hartklopping gekenmerk word. In sulke gevalle is dit dus nodig om die hartspier te versterk — en hiervoor is die Dr. Allens-Watersugpille die aangewese versterkmiddel. Vir hartkwaal, swak hart, watersug, nier- of leweraandoeninge, lae of hoë bloeddruk en voorsorg teen verkoue kan u met algehele veiligheid en vertroue staatmaak op die

DR. ALLENS-WATERSUG PILLE

75c per bottel by alle apteke of posvry van Norwood Coaker, Posbus 89, Ladybrand.

MEI 31 DAE

MAANSVERANDERING

1 Laaste Kwartier .. .. 12.32 nm.
9 Nuwemaan .. .. .. 4.55 nm.
17 Eerste Kwartier .. .. 7.18 vm.
23 Volmaan .. .. 10.22 nm.
31 Laaste Kwartier .. .. 3.52 vm.

Dag van die			Sons	
Week.	Maand.		opg.	ond.
			vm.	nm.
M	1	Die gemeente van Ermelo gestig, 1909	6 31	5 40
D	2	Hollands in Kaapse Parlement toegelaat, 1882	6 32	5 39
W	3		6 32	5 38
D	4		6 33	5 37
V	5	Ds. A. J. Barger oorlede, 1940	6 33	5 36
S	6		6 34	5 36
S	7		6 34	5 35
M	8	Die gemeente Memel gestig, 1915	6 35	5 34
D	9	Stigting van die gemeente Zoekmekaar, 1931 Paul Kruger ingesweer as Staatspresident, 1883	6 35	5 33
W	10	Duitsland val Holland in, 1940	6 36	5 33
D	11	Die Kerk van Witbank ingewy, 1929	6 36	5 32
V	12	Eerste Avondsmaalviering aan die Kaap, 1652	6 37	5 32
S	13		6 38	5 31
S	14		6 38	5 31
M	15	„Die Hervormer" verskyn, 1909 Die gemeente Schweizer-Reneke gestig, 1925	6 39	5 30
D	16	Gemeente Losberg gestig, 1925	6 39	5 30
W	17		6 40	5 29
D	18		6 40	5 29
V	19		6 41	5 28
S	20	Inwyding van die Kerk van Delmas, 1933	6 41	5 27
S	21		6 42	5 27
M	22		6 42	5 26
D	23	Stigting gemeente Bothaville, 1936	6 43	5 26
W	24		6 43	5 25
D	25		6 44	5 25
V	26		6 44	5 24
S	27	Aankoms van ds. Van der Hoff te Potchefstroom, 1853	6 45	5 24
S	28	Ds. G. W. Smits oorlede, 1894	6 45	5 24
M	29		6 46	5 24
D	30	Eerste Uniale Ministerie gevorm, 1910	6 46	5 23
W	31		6 47	5 23

WANNEER HOOFPYN KLOP

S-T-R-E-L-E-N-D-E

Mag-Aspirin

Positiewe werking in Senu-hoofpyn, Lendepyn, Heupjig, Senu-ontsteking, Periodieke Pyne, Rugpyn, Rumatiek, Verkoue en Griep.

Tablette 20c per buisie, Poeiers 20c per dosie.

MAG-ASPIRIN is meer as gewone Aspirien

PNB9145-1A

"EEN WOORD EN EK WAS OMGEKRAP"

,,Ek was so prikkelbaar dat die nietigste ergernis my omgekrap het. Neerslagtigheid en spanning het my lewe oorheers. My eetlus het verdwyn. Ek het sleg geslaap en was altyd moeg . . . en my senuwees was op hol. Ek het 'n senuwee-instorting gevrees. Toe het ek van die Dr. Heinz-Senuwee-Versterker verneem, en dit het wonders vir my verrig. Vandag is die lewe weer 'n lus.'' Die knaende angs van ,,Senuwees'' bring geestelike en liggaamlike foltering, vrees vir kranksinnigheid, ongekende lyding mee. Die Dr. Heinz-Senuwee-Versterker versterk oorspanne senuwees, verskaf energie, knap u senugestel op, verryk die bloed en herstel brein- en selweefsel.

Voed u senuwees met die . . .

DR. HEINZ
-SENUWEE-VERSTERKER

Hoe is U Senuwees?

As u aan een of meer van die volgende ly, het u die Dr. Heinz-Senuwee-Versterker nodig.

- Bewerigheid
- Senu-uitputting
- Slaaploosheid
- Senuswakheid
- Vrouekwale
- Prikkelbaarheid
- Senuagtige Slegte
- Voortdurende Moegheid
- Spysvertering
- Hardlywigheid

By alle apteke vir 70c per bottel. Tablette, 70c per bottel.

PNB7418-4Da

KALMEER EERS — VERSTERK DAN

JUNIE 30 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING	Sons	
Week.	Maand.	8 Nuwemaan .. .. .. 7.13 vm. 15 Eerste Kwartier .. .. 1.12 nm. 22 Volmaan .. .. 6.57 vm. 29 Laaste Kwartier .. .. 8.39 nm.	opg.	ond.
			vm.	nm.
D	1	Dr. B. Gemser Hoogleraar te Pretoria, 1926	6 47	5 23
V	2	Die gemeente Gwelo gestig, 1923	6 48	5 23
S	3	Oudl. G. J. Engelbrecht van Standerton oorlede, 1910	6 48	5 23
S	4		6 49	5 23
M	5	Uitspraak Hoog Ger. Hof insake Trichardtsfontein, tussen Ned. Herv. en Ned. Herv. of Geref., 1893	6 49	5 23
D	6	Gemeente Humpata gestig, 1910	6 49	5 23
W	7	F. W. Reitz as Staatssekretaris ingesweer S.A. Rep., 1898	6 50	5 23
D	8		6 50	5 23
V	9		6 51	5 23
S	10		6 52	5 23
S	11		6 52	5 23
M	12	Verantwoordelike Bestuur aan Kaapkolonie toegestaan, 1872	6 52	5 23
D	13	Die Kerk van Ermelo ingewy, 1910 Gemeente Ladysmith gestig, 1943	6 53	5 23
W	14		6 53	5 23
D	15		6 53	5 23
V	16		6 53	5 23
S	17		6 53	5 23
S	18	Ds. F. S. du Toit van Ventersdorp oorlede, 1914	6 53	5 23
M	19		6 54	5 23
D	20	Komdt. Salomon Prinsloo oorlede, 1892	6 54	5 23
W	21		5 54	5 23
D	22		6 54	5 23
V	23	Tweede Volksraad ingestel, 1890 Ds. L. E. Brandt oorlede, 1939	6 55	5 24
S	24	Oudl. J.C. Coetzee van Zeerust oorlede, 1933	6 55	5 24
S	25	Potgieter en Trichardt in Zoutpansberg, 1836	6 55	5 25
M	26	Gemeente Ebenhaeser gestig, 1937	6 55	5 25
D	27	Die gemeente van Vliegepoort gestig, 1931	6 56	5 26
W	28	Ds. A. J. Begemann emeritus, 1872	6 56	5 26
D	29	Eerste Kaapse Parlement geopen, 1854	6 56	5 27
V	30		6 56	5 27

Vergrotings in Lewenskleur

teen Billike Pryse

W. E. CAREY

Apteker
KRUGERSDORP

KRY AL U RUBBERSTEMPELS VAN

WEST RAND PUBLICATIONS

(EDMS.) BEPERK

Humanstr. 55 — KRUGERSDORP — Tel. 660-5916

★

SPOEDIGE EN BEKWAME DIENS

★

DRAAISTEMPELS VIR DESIMALISASIE HIER VERKRYGBAAR

★

Agente vir:
RUBBER STAMP ENGRAVING COY.
Posbus 8011 :: Johannesburg

JULIE 31 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING	Sons	
Week.	Maand.	7 Nuwemaan .. .. .. 7.00 nm. 14 Eerste Kwartier .. .. 5.53 nm. 21 Volmaan .. .. 4.39 nm. 29 Laaste Kwartier .. .. 2.14 nm.	opg.	ond.
			vm.	nm.
S	1	President T. F. Burgers ingesweer Z.A. Rep., 1872	6 56	5 27
S	2			
M	3	Hoeksteen te Boksburg gelê, 1943	6 56	5 27
D	4	Oud-Ouderling H. C. J. v. Rensburg, Zoutpansberg, oorlede, 1909	6 56	5 28
W	5		6 55	5 28
D	6	Joh. Huss gebore, 1373	6 55	5 28
V	7	Die Kerk van De la Rey ingewy, 1928	6 55	5 29
S	8	Die gemeente van Bloemhof gestig, 1916	6 55	5 29
S	9	Oudl. S. E. Grobler van Zoutpansberg oorlede, 1903	5 55	5 30
M	10	Calvyn gebore, 1509	6 55	5 30
D	11	Inwyding van Kerk te Zwartruggens, 1942	6 55	5 31
W	12		6 55	5 31
D	13	Senator Oudl. A. D. W. Wolmarans oorlede, 1928	6 54	5 32
V	14		6 54	5 32
S	15	President Brandt, O.V.S., oorlede, 1888	6 54	5 33
S	16	Verlating van Schoemansdal, 1867	6 54	5 33
M	17		6 54	5 34
D	18	Oudl. J. v. Graan van Ventersdorp oorlede, 1917	6 53	5 24
W	19		6 53	5 34
D	20	Ds. L. G. F. Biccard oorlede, 1900	6 53	5 34
V	21		6 53	5 35
S	22		6 52	5 36
S	23		6 52	5 36
M	24	Generaal Andries Pretorius oorlede, 1853	6 52	5 37
D	25	Afskeid van Prof. Dr. P. J. Muller van Pretoria, 1909	6 51	5 37 5 38
W	26		6 51	
D	27	Kerkbode van de Mist ingevoer, 1804	6 51	5 38
V	28	Die Prokurasie-Kommissie gestig, 1890	6 50	5 39
S	29		6 50	5 39
S	30	Die gemeente Van der Hoff gestig, 1933	6 49	5 40
M	31		6 49	5 40



Ledig die Galblaas

VERWYDER VERSTOPTE GAL

Wanneer die gal in die galblaas verstop is, kan dit verwyder word deur 'n dosis van die Dr. Heinz-Lewersout, opgelos in 'n klein bietjie warm water, op die nugtermaag te drink. Die Dr. Heinz-Lewersout bevorder ook die werking van die lewer en niere, verwyder voedseloorskiet uit die maag en ingewande, en hou die bloed skoon.

'n Gereelde dosis van die Dr. Heinz-lewersout besorg wonderbaarlike verligting van die volgende kwale: Hoë Bloeddruk, Swaarlywigheid, Galblaasontsteking, Rumatiek, Kroniese Verkoues, Huidsiektes, Aambeie, Klein Galsteentjies, Hartaandoening, Rugpyn, Nierkwaal, Galagtigheid, Hardlywigheid, Môresiekte by swanger vroue, Sinkpyne en Slegte Spysvertering.

DR. HEINZ-LEWERSOUT

Te kry by alle aptekers en medisyneverkopers teen 35c per bottel.

VERGROTE MANGELS

Hierdie kwaal is dikwels die rede waarom kinders lusteloos, bleek en iesegrimmig raak. Die beste behandeling is Buccalene. Dit vernietig die kieme en gifstowwe in die keel en bloed wat chroniese mangelontsteking veroorsaak en laat die geswelde mangels spoedig sak. Volwassenes moet met Buccalene gorrel en dit dan insluk sodat die keel regstreeks en die grondoorsaak deur die gestel behandel word. In die geval van babas en kindertjies word die keel geverf en 'n klein bietjie ingegee. Onmiddellike behandeling met Buccalene sal, in die meeste gevalle, 'n pynlike (en soms gevaarlike) operasie uitskakel. *Gebruik Buccalene ook vir keelseer, verslapte keelspiere en keelvergiftiging.*

Buccalene

65c per bottel by alle apteke of posvry van Norwood Coaker, Posbus 89, Ladybrand.

PNB 8301

AUGUSTUS 31 DAE

MAANSVERANDERING

6 Nuwemaan .. .. .. 4.48 vm.
12 Eerste Kwartier .. .. 10.44 nm.
20 Volmaan .. .. 4.27 vm.
28 Laaste Kwartier .. .. 7.35 vm.

Dag van die Week.	Maand.		Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
D	1		6 47	5 41
W	2		6 46	5 42
D	3		6 46	5 42
V	4	Oudl. A. Alberts van Humpata oorlede, 1928	6 45	5 43
S	5	Hoeksteen van Kerk te Randfontein gelê, 1939	6 44	5 43
S	6		6 44	5 43
M	7	Hoeksteen te Benoni gelê, 1943	6 43	5 44
D	8	Die eerste Alg. Kerkverg. van die Ned. Herv. Kerk te Rustenburg geopen, 1853 Gemeente Vaalharts gestig, 1940	6 42	5 44
W	9	Ds. M. J. Goddefroy oorlede, 1920	6 42	5 45
D	10	Louis Trichardt gebore, 1783 Ds. W. P. J. Poën oorlede, 1937	6 41	5 45
V	11		6 40	5 46
S	12		6 39	5 46
S	13	Aanval op Veglaer, 1838	6 38	5 47
M	14	Oudl. F. P. H. Alberts van Humpata oorlede, 1930	6 37	5 47
D	15	Slag van Thaba Bosigo, 1865	6 37	5 48
W	16	Die gemeente van Vereeniging gestig, 1913	6 36	5 48
D	17	Die Kerk van Venterskroon ingewy, 1889	6 35	5 48
V	18	Ds. A. Lagerwy oorlede, 1898	6 34	5 49
S	19		6 33	5 49
S	20	Eerste Doopbediening aan die Kaap, 1653 Gemeente Rust der Winter gestig, 1938	6 33	5 50
M	21		6 32	5 50
D	22		6 31	5 51
W	23	Ds. J. v. Arckel eerste predikant aan die Kaap, 1665	6 30	5 51
D	24	Bloedbad van St. Dartholomeus, 1572	6 29	5 51
V	25	Aankoms van die eerste Hugenote, 1688 Ds. S. Vermooten oorlede, 1965	6 28	5 52
S	26	Generaal Louis Botha oorlede, 1919	6 27	5 52
S	27	In gebruik neem van die Bybel in Afrikaans, 1933	6 27	5 52
M	28	Slag van Boomplaas, 1848	6 26	5 52
D	29		6 25	5 33
W	30	Ds. P. A. C. van Heyniging oorlede, 1904	6 24	5 53
D	31	Die Lydenburgse gemeente skei van die Herv. Kerk af, 1854	6 22	5 54

Met

Komplimente

van

Bowater Paper Co.

VOORBARIGE GRYS HARE

As die haarwortels te min natuurlike kleurstof afskei, veroorsaak dit Voorbarige Grys Hare. Die oorspronklike kleur kan egter herstel word deur die Spaanse Haarherstelmiddel aan te wend. Hierdie middel kleur nie die hare nie, maar versterk inderdaad die haarwortels en spoor hulle aan om weer die natuurlike kleurstof af te skei. So word die oorspronklike kleur van die hare dan herstel.

Getuienis: „Dit is verblydend om die uitwerking van die Spaanse Haarherstelmiddel te sien, en vandag sal ek gewis nie aarsel om dit by enigeen aan te beveel nie." — H.J.B. (Geval 978)

Die Spaanse Haarherstelmiddel

45c by Aptekers of posvry van

NORWOOD COAKER, Posbus 89, Ladybrand.

SEPTEMBER 30 DAE

MAANSVERANDERING

4 Nuwemaan .. .. .. 1.37 nm.
11 Eerste Kwartier .. .. 5.06 vm.
18 Volmaan .. .. 6.59 nm.
26 Laaste Kwartier .. .. 11.44 nm.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.		Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
V	1	Transvaal geannekseer, 1900 Gemeente Randpoort gestig, 1939	6 20	5 55
S	2	Ds. D. v.d. Hoff gebore, 1814 Inwyding van Kerk te Randpoort, 1939	6 19	5 55
S	3		6 18	5 56
M	4		6 17	5 56
D	5		6 16	5 57
W	6	Koningin Wilhelmina ingehuldig, 1898 Koningin Juliana ingehuldig, 1948	6 15	5 57
D	7		6 15	5 58
V	8	Ds. N. J. v. Warmelo gebore, 1835	6 13	5 58
S	9		6 12	5 59
S	10		6 11	5 59
M	11		6 10	6 00
D	12	Die Kerk van Vrededorp ingewy, 1908	6 09	6 00
W	13		6 08	6 01
D	14		6 07	6 01
V	15	Eerste Uniale Volksraad verkies, 1910	6 06	6 02
S	16		6 05	6 02
S	17	President M. W. Pretorius gebore, 1819	6 04	6 02
M	18		6 00	6 03
D	19		6 00	6 03
W	20	Die Huweliks-Ordonnansie van de Mist ingevoer, 1804	6 00	6 04
D	21		5 59	6 04
V	22		5 58	6 05
S	23		5 57	6 05
S	24		5 56	6 05
M	25		5 55	6 06
D	26		5 54	6 06
W	27	Generaal Louis Botha gebore, 1862	5 53	6 07
D	28	Die Kerk op Witpoort ingewy, 1912	5 52	6 07
V	29		5 51	6 08
S	30		5 50	6 08

DRUKWERK!

— Dis ons Besigheid!

N.H.W.-PERS

Humanstraat 55, Krugersdorp.

Telefoon 660-5916/7 Posbus 171

Drukkers en Skryfbehoeftehandelaars.

Hierdie bladsy is goedgunstelik geskenk deur 'n vooraanstaande firma.

OKTOBER 30 DAE

MAANSVERANDERING

3 Nuwemaan .. .. .. 10.24 nm.
10 Eerste Kwartier .. .. 2.11 nm.
18 Volmaan .. .. 12.11 nm.
26 Laaste Kwartier .. .. 2.04 nm.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.		Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
S	1		5 49	6 08
M	2	Slag van Vegkop, 1836	5 48	6 09
D	3		5 46	6 09
W	4		5 45	6 10
D	5	Eervol ontslag ds, P. W. Ennis, 1928	5 44	6 10
V	6	Stigting van die gemeente Barberton, 1934	5 43	6 11
S	7	Oudl. D. P. J. v. Schalkwyk van Trichardts oorlede, 1911	5 42	6 11
S	8		5 41	6 11
M	9	Ds. D. v. d. Hoff oorlede, 1881	5 40	6 12
D	10	President Kruger gebore, 1825	5 39	6 12
W	11	Die Hervormer Ulrch Zwingli gesneuwel, 1531 Hoeksteenlegging Kerk Zwartruggens, 1941	5 38	6 13
D	12		5 37	6 13
V	13	Eerste Diamant in Suid-Afrika gevind, 1867	5 36	6 14
S	14		5 35	6 14
S	15	Hoeksteenlegging van die Kerk van Pietersburg, 1892	5 34	6 15
M	16	Afskeidspreek van ds. Jac. van Belkum met sy emeritaat, 1927	5 33	6 15
D	17		5 32	6 16
W	18		5 31	6 17
D	19	Eerste Kerk op Stellenbosch ingewy, 1687	5 30	6 17
V	20	Die Kerk van Louis Trichardt ingewy, 1906	5 29	6 18
S	21	Oudl. F. Boshoff van Waterberg oorlede, 1919	5 28	6 19
S	22	Die Edik van Nantes herroep, 1685	5 28	6 19
M	23		5 27	6 20
D	24	Sinode in die Kaap besluit dat Engels ook gepreek moet word in Hollandse Kerke, 1859	5 26	6 20
W	25		5 25	6 21
D	26		5 24	6 21
V	27		5 23	6 22
S	28	Nuwe Kerke te Witbank ingewy, 1944	5 22	6 22
S	29		5 22	6 23
M	30		5 21	6 23
D	31	Hervormingsdag, Samekoms Komm. N. Herv. en N. Geref. Om oor kerkvereniging te handel, 1882 Ds. P. W. Ennis oorlede, 1932	5 20	6 24

Met komplimente
van

WESTGATE STATIONERS
(EDMS.) BPK.

3de/5de Vloer, Hartleyhuis,
Presidentstraat 112,
Johannesburg.

Tel. 23-6781

Die P.U. vir C.H.O.

★ Spesiale voorligting aan eerstejaarstudente.
★ Spesiale aandag aan indiwiduele studente.
★ Voortreflike Studiegeriewe.
★ Gesonde Studentelewe.

Skryf aan:
DIE REGISTRATEUR, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom.



Die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

NOVEMBER 30 DAE

MAANSVERANDERING

2 Nuwemaan .. .. .. 7.48 vm.
9 Eerste Kwartier .. .. 3.00 vm.
17 Volmaan .. .. 6.52 vm.
25 Laaste Kwartier .. .. 2.23 vm.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.		Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
W	1		5 19	6 24
D	2	Eerste Alg. Kerkverg. Ned. Herv. Kerk te Kaapstad, 1824	5 19	6 25
V	3	Hoeksteenlegging eerste Herv. Kerk op Christiana 1876	5 18	6 25
S	4	Ds. Jac. van Belkum oorlede, 1933	5 18	6 26
S	5	Naam Ned. Hervormd in die Kaap verander in Ned. Gereformeerd, 1842 Aankoms van ds. D. v. d. Hoff in Suid-Afrika, 1852	5 17	6 26
M	6		5 16	6 27
D	7	Vasco da Gama te St. Helenabaai, 1497	5 15	6 27
W	8		5 15	6 28
D	9		5 15	6 28
V	10	Martin Luther gebore, 1483	5 14	6 29
S	11		5 13	6 30
S	12	Piet Retief gebore, 1780	5 13	6 30
M	13		5 12	6 31
D	14		5 12	6 32
W	15	Ds. A. J. Begemann oorlede, 1925	5 11	6 33
D	16	Pretoria aangelê, 1855	5 11	6 34
V	17		5 11	6 35
S	18	Vasco da Gama se eerste reis om die Kaap, 1497	5 10	6 36
S	19	Hoeksteenlegging van die Kerk te Potgietersrust, 1921	5 10	6 36
M	20	Die Kerk op Eldoret ingewy, 1921	5 09	6 37
D	21	Ds. H. D. van Broekhuizen Predikant van die Hervormde Kerk, 1917	5 09	6 38
W	22	Die gemeente Trichardts gestig, 1879	5 09	6 40
D	23	Hoeksteenlegging van die Kerk van die Laeveld, 1924	5 08	6 41
V	24		5 08	6 41
S	25	Die Kerk van Memel ingewy, 1915	5 08	6 42
S	26	Die Kerk van Bethal ingewy, 1926	5 08	6 43
M	27	President Steyn oorlede, 1916	5 08	6 44
D	28		5 08	6 44
W	29	Kerk te Johannesburg ingewy, 1935	5 08	6 45
D	30		5 08	6 45

DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

- **IS GESETEL IN EEN VAN DIE MOOISTE STEDE VAN ONS LAND;**
- **IS BESONDER GOED TOEGERUS WAT BETREF DIE AANTAL FAKULTEITE EN VERSKEIDENHEID OPLEIDINGSRIGTINGS;**
- **BIED 'N VERSKEIDENHEID STUDIERIGTINGS AAN VIR DIEGENE WAT BEDAGS WERK EN NA-UURS 'N VOLWAARDIGE AKADEMIESE KURSUS WIL VOLG.**

Algemene inligting oor die universiteit word in SKAKELBLAD verstrek wat deur die universiteit versprei word en ouers van voornemende studente word vriendelik aangeraai om hierop in te teken.

Die Universiteitsjaarboek bevat o.a. volle besonderhede oor studierigtings, beurse en losies.

Navrae: DIE REGISTRATEUR

DESEMBER 31 DAE

MAANSVERANDERING

1 Nuwemaan .. .. .. 6.10 nm.
8 Eerste Kwartier .. .. 7.57 nm.
17 Volmaan .. .. 1.21 vm.
24 Laaste Kwartier .. .. 12.48 nm.
31 Nuwemaan .. .. .. 5.38 vm.

Dag van die Week.	Maand.		Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
V	1	Slawe vry verklaar in die Kaap, 1834	5 08	6 46
S	2	Verkiesing eerste Voortrekker-Volksraad, 1836	5 08	6 46
S	3	Engelse besetting van Port Natal, 1838	5 08	6 48
M	4	Die Ned. Geref. Kerk in die S.A.R. gestig, 1866	5 07	6 49
D	5		5 07	6 50
W	6	Voortrekkersgelofte 1838	5 07	6 50
D	7	Die Ned. Herv. of Geref. Kerk gestig, 1885	5 07	6 51
V	8	Inwyding van Kerkgebou, Primrose, 1947	5 07	6 52
S	9	Pres. T. F. Burgers oorlede, 1881	5 07	6 53
S	10	Oudl. J. H. Vorster oorlede, 1942	5 08	6 53
M	11	Slag van Magersfontein, 1899	5 08	6 54
D	12	Ds. C. W. du Toit emeritus, 1918	5 08	6 54
W	13	Republiek herstel op Paardekraal, 1880	5 08	6 55
D	14		5 08	6 56
V	15	Slag van Colenso, 1899	5 09	6 56
S	16	Slag van Bloedrivier, 1838 Hoeksteenlegging van die Kerk van Middelburg, 1896	5 09	6 56
S	17	Eerste grondwet van die Z.A.R. op Potchefstroom, geteken, 1856	5 09	6 58
M	18	Die Kerk van Vereeniging ingewy, 1915	5 10	6 58
D	19	Generaal A. H. Potgieter gebore, 1792	5 10	6 58
W	20	Komdt. F. Joubert (Fransheld) behaal oorwinning by Bronkhorstspruit, 1880	5 11	6 59
D	21	Oud-Ouderling G. J. Z. Helberg van Zoutpansberg oorlede, 1926	5 11	6 59
V	22		5 12	7 00
S	23		5 13	7 00
S	24		5 13	7 01
M	25	Kersfees	5 14	7 01
D	26	Hoeksteenlegging van die Kerk van Potchefstroom, 1859	5 15	7 02
W	27		5 15	7 02
D	28	Hoeksteen gelê van die eerste Kerkgebou in die Kaap, 1700	5 15	7 02
V	29	Die Kerk van Germiston ingewy, 1917	5 16	7 03
S	30	Jameson-inval, 1895	5 17	7 03
S	31	Die gemeente Heidelberg gestig, 1865	5 17	7 03

ALFABETIESE LYS VAN PREDIKANTE IN DIE BEDIENING

Alberts, A. N. J. D. 108

Beukes, M. J. du P. 152
Bezuidenhout, W. J. 148
Bierman, P. J. L. 100
Bierman, P. W. A. 134
Blignaut, J. P. B. 151
Booyse, J. J. 118
Booysen, D. J. 135
Booysen, F. J. Z. 126
Booysen, P. J. 132
Botha, H. N. 110
Botha, C. G. 147
Botha, R. P. 134
Botha, S. J. 150
Brandt, A. 146
Brayshaw, N. C. J. 136
Breytenbach, J. 125
Buitendag, F. J. H. 143
Buitenweg, N. H. 152

Coetee, G. C. 107
Coetzee, J. J. 156
Conradie, A. J. 140
Cronje, R. 136

De Beer, J. A. 100
De Beer, W. C. M. 137
De Lange, J. C. 160
De Wet, J. I. 113
Dreyer, A. J. G. 146
Dreyer, D. J. 146
Dreyer, H. M. E. 102
Dreyer, J. G. M. 99
Dreyer, T. F. 112
Dreyer, T. F. J. (Jnr.) 150
Du Plessis, J. C. 117
Du Plessis, J. G. 114
Du Toit, J. J. 151
Du Toit, D. J. A. G. 128

Engelbrecht, E. 118
Engelbrecht, F. J. 116
Engelbercht, J. J. (Jnr.) 140
Engelbrecht, W. J. 124
Erasmus, D. F. (Jnr.) 123

Fourie, J. M. 106

Geyser, H. J. 109
Grobler, G. P. J. 159
Grobler, P. S. 155

Habig, W. G. 117
Heyeneke, N. M. J. S. 124
Huyzers, W. F. H. 154

Jacobs, J. A. 118
Jacobs, J. P. 132
Jacobs, P. T. 141
Joubert, I. J. 131
Kemp, W. J. 142
Koekemoer, J. H. 155
Koekemoer, P. J. T. 103
Kotzé, E. C. B. 111
Kruger, J. C. 145
Kruger, P. J. 158

Labuschagne, F. du C. 110
Labuschagne, G. J. J. 105
Labuschagne, J. M. 106
Le Roux, L. M. 111

McDonald, A. T. 109
Mans, C. J. 105
Marais, J. S. 101
Marsman, G. H. J. 146
Mouton, J. F. 104
Muller, C. H. 156

Naude, J. H. 101
Naude, M. J. 130
Nell, L. J. J. 132
Nel, L. A. 108
Nolte, A. J. 155

Oberholzer, J. P. 113
Oosthuizen, A. J. G. 142

Papp, K. 127
Pelser, G. M. M. 112
Potgieter, J. S. du P. 122
Pretorius, M. W. 102

Rhoda, J. W. 141
Roos, G. J. J. 129
Roos, W. J. 157

Schroeder, J. A. A. A. 136
Simpson, C. J. A. 147
Smit, C. J. 120
Smit, J. D. H. 103
Smit, J. A. 140
Smit, J. J. 158
Smith, P. M. 110

Snyman, D. B. 157
Snyman, J. P. 134
Steenekamp, C. S. 137
Steenekamp, C. S. v. H. 151
Steenekamp, J. H. ..... —
Steyn, D. G. S. 153
Stoop, J. A. A. A. 131
Stutterheim, J. F. 156
Swanepoel, A. M. 108
Swanepoel, J. A. 129
Swanepoel, S. J. 148

Van den Berg, C. L. 110
Van den Berg, J. P. 155
Van der Merwe, B. J. ..... —
Van der Merwe, F. H. 154
Van der Merwe, W. P. ..... —
Van der Westhuizen, H. G. 103
Van Heerden, P. W. 118
Van Jaarsveld, G. J. 122
Van Niekerk, C. J. S. 148
Van Oosten, F. 103
Van Rensburg, J. B. J. 143
Van Rensburg, N. J. 124
Van Schalkwyk, C. J. 121
Van Schalkwyk, M. J. 114
Van Staden, A. J. 111
Van Staden, B. J. 100
Van Staden, D. J. 126
Van Staden, G. C. 150
Van Staden, G. J. 109
Van Staden, J. H. 120
Van Staden, J. L. 149
Van Staden, P. G. 159
Van Staden, P. S. 125
Van Tonder, J. A. P. 129
Van Wyk, D. J. C. 135
Van Wyk, P. A. R. C. 160
Venter, P. J. J. 153
Venter, P. W. 100
Viljoen, C. J. 161
Viljoen, J. A. 139
Viljoen, J. H. 104
Viljoen, J. P. B. 126
Viljoen, S. P. 115
Visser, H. R. ..... —

Willemse, A. J. 149
Wolmarans, J. N. 131
Wolmarans, W. M. 153

Young, S. E. 120

Zwarts, A. J. 101

ALFABETIESE LYS VAN DIENSDOENDE PROFESSORE EN LEKTORE

Engelbrecht, B. J.
Mulder, E. S.
Pont, A. D.
Van Rensburg, S. P. J. J.
Van Zyl, F. J.
Wolmarans, H. P.

WAGTER, HOE VER IS DIT IN DIE NAG?

Om die mantel van 'n profeet om te hang is gevaarlik. 'n Mens kan jou so maklik vergis met jou voorspelling. Tog waag ek dit. Om die toekoms te voorspel moet 'n mens o.a. let op die hede en verlede. Die tekens van die tyd moet nie verontagsaam word nie. Dit bou op, dit spruit voort uit die gebeure van die verlede.

As 'n mens aandag skenk aan wat in die wêreld gebeur en ook in die kerk dan is daar voorwaar baie redes om met die woord, soos opgeteken in Jesaja 21:11, 12 te vra: „Wagter, hoe ver is dit in die nag? Wagter, hoe ver in die nag? Die wagter sê: Die môre kom, en ook die nag?" Die toekoms baar sorg. Die Westerse wêreld en sy kerk is besig om al meer en meer links te swaai. Dit geld veral van die Verenigde State van Amerika, die grootste, rykste, magtigste en invloedrykste volk. Die optrede van die regering van wyle President Kennedy sowel as die van sy opvolger, President Johnson, is 'n duidelike bewys daarvoor. En as 'n mens die kerklike blaaie en tydskrifte, wat van dié land oor die wêreld stroom, lees dan slaan 'n mens in verbasing, maar ook met groot teleurstelling jou hande saam en vra: Waar gaan dit heen? Wat gaan van die Christelike Kerk in die toekoms word? Is die tekens van verwêreldliking nie baie duidelik sigbaar nie?

In Amerika setel die groot wêreldorganisasie, die Verenigde Volke. Dit is 'n groot en magtige organisasie. Wat hy doen en besluit word oor die wêreld uitgebasuin, vind weerklank op alle terreine van die samelewing. Wat hy verkondig word aangeneem en nagevolg, word vaak beskou as die enigste moontlike siening, as dié waarheid. Die strewe van miljoene is nie net om in voeling te bly met die magtige V.V.O. nie, maar veral om nie uit pas te raak nie. Wat die V.V.O. besluit moet teen elke prys nagepraat, goedgepraat en nagevolg word.

Die V.V.O. stel hom o.a. ten doel om die volke van die wêreld te verenig, daar moet nie meer verskillende volke wees nie, soos God gewil het, en soos uit die gebeure by die toringbou van Babel duidelik blyk. Om nasionaal te wees is nie net ongewens nie, maar verkeerd. 'n Mens moet nie wees 'n burger van sy eie land en volk nie, soos God gewil het, maar 'n wêreldburger; nie nasionaal nie, maar internasionaal. Jou eersgeboortereg moet verkoop word vir eenheid. Die verskille, hoe diepgaande dit ook mag wees, verskille ook wat betref beginsels, belydenis, opvoeding, lewenswyse ens. en so verder moet verswyg, verdoesel word. Die eenheid moet gesoek, nagestreef, bevorder en gepropageer word ten koste van enigiets anders. Niks word beskou as meer belangrik en gewens nie. Nieteenstaande die so gesogte en begeerde eenheid word nêrens anders so geknoei, gestook, georganiseer, nêrens anders so gestreef om mekaar uit te oorlê, voor te spring, eie voordeel te soek, as juis in die V.V.O. nie. Daar is geen ander organisasie ter wêreld, nieteenstaande wat hy voorgee om te wees en te doen, wat so goed daarin slaag om 'n dubbele maatstaf toe te pas nie. Hy soek en bevorder vrede, maar tegelyk veroorsaak hy oorlog deur aansporing, verdagmakery, spanning, selfsug en hebsug. As 'n mens eenheid en vrede begeer moet jy liefde nie net verkondig nie, maar laat uitstraal beide in woord en in daad. Waar is daar 'n organisasie waar haat hoër opvlam? Die hardste woorde, die onregverdigste kritiek word dikwels gehoor. Die verteenwoordigers van verskillende volke sou mekaar seker al meer as een keer te lyf gegaan het as dit nie 'n bewys

sou wees van onopgevoedheid en onoordeelkundigheid nie. Dit sou nie na vrede nie, maar na oorlog gelyk het; nie na eenheid nie, maar na grote en krasse verskille.

Omdat die volke van die wêreld 'n wêreldorganisasie het wat namens al die volke kan praat, moet ook die Christelike kerke so 'n organisasie hê wat namens al die kerke kan praat, die sogenaamde Wêreldraad van Kerke. Die organisasie beywer hom om een wêreldkerk te stig. Om sy doel te bereik moet alle verskille wegval of ten minste baie verklein word. Om sy oogmerke te bereik gaan die Wêreldraad van Kerke, Christelike Kerke, selfs sover om geweld teenoor andersdenkendes, soos bv. teenoor Suid-Afrika, goed te keur en aan te beveel. Aan die voet van die altaar: Ekumenisme, word die grootste offers neergelê. Hoeseer die eenheid teen elke prys nagejaag word en feitlik alles prys gegee word wat die bereiking daarvan in die weg staan blyk o.a. duidelik uit die feesviering te San Francisco in Junie 1965 in verband met die stigting van die Verenigde Volke Organisasie twintig jaar vantevore. Met die stigting is geen plek vir God ingeruim nie. Daar was geen gebed of erkenning van God nie om die Kommuniste nie te beledig nie. Met die feesviering egter is in die sogenaamde „Cow Palace" 'n groot samekoms gereël om „die volke van alle godsdienstige oortuigings te verenig in 'n dramatiese getuienis van die geloof in die morele en geestelike krag van die Wêreldorganisasie". En daar het saamgekom Protestante, Roomskatolieke, Grieks-Ortodokse, Hindoes, Mohammedane, Boeddhiste en Jode. In die program was opgeneem stukke uit die Nuwe Testament en gedeeltes uit die geskrifte van Confusius, Hindoeïsme, Boeddhisme, Islamisme en Judaisme. Christus en die Bybel is dus op een lyn geplaas met mense en hulle geskrifte. Hulle moes ook bid vir vrede. Maar kan daar vrede wees sonder die Christus? Hy het gesê: „Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie". Die apostel Paulus waarsku ons teen so 'n bonte broederskap van alle gelowe. Hy skryf: „Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie . . . want watter gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Belial of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige?" II Kor. 6:14, 15.

Christus word onttroon. Hy is nie meer God nie, maar 'n gewone mens, 'n maatskaplike werker. „So spreek die Here", word vervang met wat die Kerk spreek en as sy teenwoordige boodskap beskou in die sogenaamde „veranderende wêreld".

In die dae van Martin Luther is ook al 'n poging tot kerkvereniging aangewend. Toe die voorstel aan hom gemaak is, het hy geantwoord: „Nee, moenie vrede en eenheid my aanbied nie as ons tegelykertyd die Woord van God verbeur".

'n Welbekende Duitse Teoloog skryf: „In die steer van invloedryke ekumenisme word afwykings van die leer beskou as verskillende maniere om die Christelike geloof te verstaan".

Om vereniging met Rome te bewerkstellig is daar 'n groeiende getal aanhangers van ekumenisme wat bereid is om die reformatoriese beginsel dat die Bybel die enigste maatstaf vir geloof en lewe is, te verwerp en die Roomse beginsel van Bybel en tradisie aan te neem.

Volgens „The Reformation Review" van Julie 1963 wat in Amerika gedruk en versprei word, het 'n Protestant twintig miljoen lede van die Amerikaanse Kerk aangespoor om die Kerke te verenig. Hy het gepleit om die beginsel van „Sola Scriptura" (Bybel alleen) op te gee en

tradisie daarlangsaan te plaas sodat „die Kerk sal wees waarlik katoliek, waarlik Hervormd en waarlik Evangelies!"

Die Voorsitter van die Jeugafdeling van die Ekumeniese Raad van Finland het aan die jeugleiers gesê: Dit is nie moontlik om te sê wie is reg nie wat die verklaring van die Bybel betref: die Protestante of die Katolieke, aangesien dit op so baie verskillende maniere uitgelê word.

Geen leerstelling voorgelê deur 'n lidkerk word deur die Wêreldraad van Kerke as vals bestempel nie. Die idee van kettery bestaan nie by die Wêreldraad nie. Dit sal die so begeerde eenheid verbreek of in die weg staan. Selfs in ons land is daar in sekere kringe ook al 'n neiging om die verskille uit te wis. Volgens die pers het 'n biskop van die Anglikaanse Kerk aan die Sinode van die Metodiste Kerk in Kaapstad in Julie 1965 gesê „dat die verskille met Rome tot die verre verlede behoort, en dat dit bloot met persoonlikhede te doen gehad het". Dit word beskou as in stryd met die ekumeniese gees van ons tyd om klem te lê op die onderskeidende beginsels van Protestantisme of om te waarsku teen die dwalinge, aansprake en bewerings van die Roomse Kerk. Die onderhouding van Hervormingsdag is besig om in baie protestantse lande te verdwyn.

'n Nuwe gevaar wat die Kerk en die wêreld in die algemeen bedreig is die nuwe sedeleer. Dit neem steeds groter afmetings aan. Seks word goedgepraat, selfs in kringe waar dit vroeër onmoontlik sou gelyk het. Die Wet van God bepaal nie meer wat goed of kwaad is nie, maar die subjektiewe waarneming van die mens. As gelet word op uitsprake van sekere persone en liggame, dan kan mens nie anders as om te vra: Waar gaan ons heen? Die sedelike verwildering is onrusbarend. Ons beleef 'n nuwe tydvak, die opkoms van 'n nuwe Sodom en Gomorra onder die seën van sekere oorsese Christelike kerke. Sonde word deur die vingers gesien en goedgepraat. 'n Amerikaanse predikant het in 'n preek in 'n inrigting vir meisies gesê: „Daar is geen wette ten opsigte van seks, ek herhaal, absoluut geen wette nie. Ons behoort almal te ontspan en op te hou om skuldig te voel oor ons geslagsbedrywighede, gedagtes en begeertes . . . of die bedrywighede of gedagtes heteroseksueel, homoseksueel of autoseksueel is." Sonde word die „nuwe moraal" wat „vooruitgang" openbaar — ja, voorwaar, vooruitgang maar op die pad na die hel.

'n Ander gevaar wat die kerke van binne uit bedreig is die sogenaamde vryheid wat so hoog geroem word en met die inspanning van alle kragte nagestreef word. Veral die jeug wil vry wees, vry om te doen net wat hulle wil. Hulle besef nie dat die vryheid wat hulle so seer begeer, slawerny as gevolg sal hê. Hulle word slawe van slegte gebruike en van allerlei misdade, slawe van die sonde in een of ander vorm. Die apostel Paulus waarsku hierteen: „As vrymense en nie asof julle die vryheid het as 'n dekmantel vir die boosheid nie, maar as diensknegte van God" (1 Pet. 2:16). Waardeer en geniet die vryheid wat u het maar gebruik dit nie as 'n dekmantel vir die sonde nie. Die hoogste gebondenheid was nog altyd die grootste vryheid. Die persentasie jongmense wat teenwoordig in gevangenisse en verbeteringshuise is, is groter dan ooit tevore. Die getal jeugmisdade en opgebreekte huwelike styg namate ons standaarde na benede neig.

Versoening tussen geloof en ongeloof, tussen God en Satan is nie die laaste hoop vir die verloregaande wêreld nie. Jesus Christus is nog

steeds die Hoop van die wêreld. Die Lutherlied verseker ons: „Die Woord van God hou ewig stand." Laat ons vashou aan die heerlike waarheid dat versoening vir ons sondes deur Jesus Christus teweeggebring is, dat daar deur Hom vir ons redding en saligheid is. Daarom, hoe donker die nag ook al mag wees, ons moenie vrees nie, maar vas glo dat God op Sy tyd en op Sy wyse die lig laat deurbreek en die dag gee. Laat ons doen wat die apostel Paulus die Efesiërs op die hart druk, naamlik „die volle wapenrusting van God opneem en vas staan" (Ef. 6:13 en 14) en nooit vergeet dat „geregtigheid 'n volk verhoog maar dat sonde die skandvlek van die nasies is".

— T. F. J. DREYER.

PRETORIA.

JOHAN DANIËL WEILBACH

Op 9 Junie 1904 is hy gebore op Faraosfontein in die distrik Heidelberg. Hy is die seun van Johan Daniël en Maria Elizabeth Weilbach gebore Viljoen. Sy skoolonderrig ontvang hy op Heidelberg tot in st. 9 toe hy weens swak oë die skool moes verlaat. Op 12 Augustus 1930 tree hy in die huwelik met Helena Johanna du Plessis van die plaas Rooirand in die distrik Heilbron. Gedurende die eerste jaar van hul huwelik woon hy op Bank waar hy hom op boerdery toegelê het. Daarna vestig hy hom op die plaas Rooirand waar hy op 18 Junie 1966 oorlede is.

Onder blyke van groot belangstelling is hy te ruste gelê in die familie-kerkhof. Daar was o.a. sewe leraars op sy begrafnis. Dié belangstelling en laaste eer wat so aan hom bewys is, was die dankbare erkenning vir die troue arbeid wat hy as diaken en as ouderling vir 30 jaar lank onafgebroke aan die kerk gegee het. Hierbenewens was hy vir 'n aantal jare ook Koster van die gemeente Heilbron en vir 'n aantal jare ook Scriba. Die verantwoordelikhede aan hom toevertrou, is met besondere trou en liefde vir sy Kerk nagekom ten spyte daarvan dat hy 25 myl van die dorp af gewoon het.

Hy sal onthou word as 'n persoon wat besonder lojaal was teenoor die predikante onder wie se voorsitterskap hy as kerkraadslid gedien het. Hy het in sy Evangeliedienaar se wel en wee belanggestel. Aan hulp en bystand het dit by hom en sy nagelate eggenoot nooit ontbreek nie.

Die kerk het in hom 'n troue ouderling en kerkvaste lidmaat verloor.

Die nagedagtenis aan wyle broeder Daan Weilbach is vir ons wat hom geken het, tot 'n seën.

J. H. Naudé.

Hand. 1 v. 8b.

„ . . . en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde". Hand. 1:8 b.

Hierdie woorde was die laaste woorde wat Jesus tot Sy dissipels gespreek het voordat Hy na die hemel opgevaar het. Dit was in werklikheid die laaste woorde wat Hy op aarde uitgespreek het. Nou weet ons natuurlik almal hoe 'n geweldige indruk die laaste woorde van enige mens op die hoorders maak, want dikwels is dit 'n laaste wens of 'n laaste begeerte of 'n laaste bevel.

So is ook die laaste woorde van Jesus 'n bindende opdrag en 'n onvoorwaardelike bevel: „Julle sal my getuies wees . . .". Met so 'n opdrag laat Hy sy dissipels agter, nee, met hierdie laaste bevel stuur Hy hulle die wêreld in: 'n goddelose en vyandige wêreld; in wêreld wat Jesus gehaat het en vandag nog haat; 'n wêreld wat hulle sou vervolg en doodmaak soos hulle Jesus vervolg en doodgemaak het.

Sal hulle dit waag om Sy getuienis uit te dra in 'n wêreld waarin hulle met soveel vyandskap, haat en ongeloof te doen sou kry? Sal hulle dit waag om in doodsgevaar die getuienis van Christus aan so 'n wêreld te bring? Sal hulle hul nie maar êrens terug trek en hierdie getuienis soos die allerkosbaarste skat bewaar nie? Sal hulle nie maar hulle geloofsoortuiginge net vir hulleself hou en in eie kring bewaar nie? Sal hulle nie maar die wêreld en sy mense aan hulleself oorlaat nie?

Hierdie gedagtes was seker nie vreemd aan die dissipels nie. Hoe hulle egter ook al dink of redeneer, in hulle ore klink die opdrag duidelik: „Julle sal my getuies wees . . .". Kon hulle twyfel of weifel? Hoe kon hulle die Evangelie van verlossing van 'n verloregaande wêreld weerhou? Wat is hulle lewens in vergelyking met die lewens van soveel miljoene hongeriges en sterwendes? Al moet hulle ook sterf, die getuienis van die opgestane Heer moet hulle aan die wêreld verkondig.

En nou word hierdie opdrag 'n heerlike roeping, 'n lewensroeping, want die boodskap wat hulle dra is die Blye Boodskap. 'n Boodskap wat hulle onder die belofte bring: „My woord sal in ewigheid nie wankel nie". Van geslag tot geslag sal dit oorgedra word, ook tot by ons geslag en tot die einde van die dae. Hierdie veeleisende, dog heerlike taak is dus ook ons taak, hierdie roeping ook ons roeping: om getuies van Jesus Christus te wees in die wêreld waarin ons lewe.

Ja, op die bevel van Jesus Christus word ons, is ons en bly ons getuies van Sy eie getuienis.

Ons kan ons daaroor verwonder, maar ons hoef nie daaraan te twyfel nie, ook mense soos wat ons is kan getuies van Jesus Christus word. Wil u weet hoe dit moontlik is? Die antwoord is heel eenvoudig: armsalige en sondige mense word deur God getuies gemaak. En kyk, dit geskied nie op grond van ons goedheid en voortreflikheid nie; ook nie op grond van ons goeie hoedanighede of edele dade nie, maar enkel en alleen op grond van Gods genade. God lê Sy hand op die mens, daar vind as 't ware 'n arrestasie plaas en kyk, die wonder het gebeur: 'n sondige mens het 'n getuie van Jesus Christus geword.

Vra u nou verder hoe 'n getuie van Jesus Christus is, kan ons alleen antwoord: as 'n mens 'n getuie van Christus is, dan is hy 'n dienskneg van God. 'n Getuie is immers iemand wat nie sy eie planne uitvoer nie . . . hy wag op 'n bevel. 'n Getuie is iemand wat nie meer sy eie

heer en meester is nie . . . hy is een wat gehoorsaam. 'n Ware getuie is soos Johannes die Doper wat nie 'n boodskap van sy eie het nie . . . hy dra die boodskap van 'n Ander Een. 'n Ware getuie wys nooit na homself toe nie, maar altyd na die Ander Een toe: daar is die Lam van God. Die ware getuie is nie self belangrik nie . . . hy vervul alleen sy taak as hy na die Ander Een toe wys en van Hom getuig. Saam met Johannes die Doper sê hy altyd: „Hy moet meer word en ek minder".

'n Ware getuie bied ook nie 'n tema of teorie van homself aan nie. Hy kom ook nie met die eis: ek het iets te sê nie. Ja seker, hy het ook iets te sê, maar wat hy sê, kan alleen 'n herinnering wees aan wat God gesê het. Hiermee is dit dan ook duidelik dat die kerk nie in die wêreld is om 'n boodskap aan te bied aangaande sekere idees en rigtings van die wêreld nie. In die grond van die saak is die kerk in die wêreld net met 'n boek in sy hand — die Bybel. Die kerk se getuienis kom uit hierdie boek en moet alleen hieruit kom. As daar dan aan ons gevra word: Wat het julle te sê? kan ons alleen antwoord: in hierdie Boek is daar iets gesê en wat hierin gesê is, wil en moet ons ook sê. Dit is al wat 'n ware getuie van God kan sê; dit moet hy altyd sê; dit moet alle getuies van God van alle tye altyd sê.

As lidmate van die kerk van Christus, as mense wat ons geloof in Hom bely het, het ons ook getuies van Hom geword. Dat ons dit geword het is 'n wonder, 'n onuitspreeklike wonder van Gods genade. Want ons het dit nie geword omdat ons so goed en so heilig, so onberispelik en voortreflik, so edel van inbors en so hoogs intelligent is nie. Nee, ons het dit geword omdat God ons dit gemaak het — deur genade gemaak het.

En hoe sien ons as getuies daaruit? Hoe is ons as getuies van Jesus Christus? En . . . sal ons getuies van Jesus kan bly? As ons na onsself kyk, dan bespeur ons ons eie armoede, ons feilbaarhede, ons tekortkominge, ons sondigheid. Ja, dan betreur ons ons traagheid, ons onwilligheid, ons moedeloosheid, ons angste. En dan beklem die vraag ons: kan ons getuies van Jesus Christus bly? Die Bybel vertel ons van mense wat getuies van Jesus Christus geword en gebly het. Sou hulle anders gewees het as wat ons is? Of was hulle nie ook maar in die grond van die saak net mense nie? En tog het hulle getuies gebly. Sekerlik ook nie omdat hulle so goed en so heilig was nie, maar ook alleen op grond van Gods genade. En op grond van Gods genade kan ons ook getuies bly. Want vir elke getuie geld die groot waarheid: God sal steeds van Homself getuig. En al is ek ontrou — en ek is ontrou — God bly getrou. Sy belofte hou vir altyd stand.

Dit wil nou nie sê dat almal getuies van Jesus Christus sal bly nie want het ons dan nie gesien hoe lidmate van die kerk hulle geloof en getuie-wees verloën het nie? Het ons dan nie gemerk hoeveel lidmate van die kerk Jesus Christus verloën het nie? En merk ons nie hoedat die kerk steeds besig is met hulle wat lou en koud geword het nie? Om hulle te herinner aan hulle belydenis en hulle te wys op die getuienis van Jesus Christus self nie?

En nou is ons geroepe om getuienis van Jesus Christus te wees in hierdie wêreld waarin Hy gehaat, verloën en misken word — selfs deur lidmate van die kerk. Ja, in hierdie wêreld waarin nie meer met Jesus Christus rekening gehou word nie; in hierdie wêreld waarin daar soveel nood en ellende, angste en sorge heers, is ons geroep om

die boodskap van verlossing in te dra. En kyk, in hierdie selfde wêreld is daar nog die miljoene soekendes, vraendes en smekendes. Hulle soek na lig in die donkerheid van hulle bestaan; hulle soek na hoop in hulle wanhoop; hulle vra om hulp en redding. Wie wil luister sal die saamgeperste angs uit duisend kele hoor; wie wil sien, sal die dood op menige aangesig lees.

In hierdie wêreld wat Christus verstoot en tog soek; vloek en tog tot Hom bid; van Hom niks wil weet nie en tog nie sonder Hom kan klaar kom nie . . . in hierdie wêreld is ons geroep om getuies van Hom te wees. Ja, ook in ons eie land en onder ons eie mense waar kerkloosheid en Godloosheid al groter afmetings begin aanneem; waar volksgenote wanhopig stry met eie krag, maar meer en meer uitsigloos en toekomsloos na nêrens reis, kan ons en moet ons getuies van Jesus Christus wees, draers van die Boodskap van verlossing uit sonde, nood en dood. Selfs by ons en rondom ons kan ons soveel teleurgesteldes, wanhopiges en eensames heenwys na Christus toe: daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegdra.

Glo u dit of twyfel u? Is u dalk ook van diegene wat sê: Aag, dit help tog nie, alles is tevergeefs? Wat 'n wantroue in die getuie-wees van Jesus Christus. Wat 'n wantroue in die werkinge van God deur die Heilige Gees. Onthou die bevel, die laaste woorde van die Here Jesus Christus: „Julle sal my getuies wees . . ." Ons het geen keuse nie; solank as ons lewe moet ons vir Hom getuig. Al beteken dit smaad, veragting, spot en hoon . . . ons is Sy getuies. Ons kan getuig van die Lig wat in die duisternis kom skyn het, van die Lam wat geslag is, van die verlossing wat deurgebreek het, van die Koninkryk wat kom.

„Julle sal my getuies wees . . .". Ons kan, ons mag, ons moet, Sy Naam ter eer.

AMEN.

C. J. S. van Niekerk.

Ottosdal.

DS. A. J. G. OOSTHUIZEN

Toe ds. A. J. G. Oosthuizen, nadat hy vir meer as veertig jaar in die bediening gestaan het, bekend maak dat hy emeritaat gaan aanvra, het die hele kerk en veral ons wat so nou met hom op sinodale vlak saamgewerk het, 'n gevoel van verlatenheid — 'n vraag-gewaarwording van „wat nou" ervaar. Dit het nooit by ons gedaag dat die leierposisie nie deur hom beklee sou wees nie. Dit het 'n natuurlike leefwyse geword dat wat jy ook al bedink het of beplan het vir die Kerk of in die volkslewe, nie volkome deur jou eie selfvertroue gesteun is nie alvorens jy nie eers gehoor het wat ds. Oosthuizen daarvan sê nie. Ons het eintlik die seuns gebly en hy die waardige, innemende vader. Hoe kon dit ook anders? Wie se hand was beter op die pols van die Kerk as juis syne en wie was liewer vir mense as hy?

Sover my kennis gaan, het hy die voorsitterstoel van die Algemene Kerkvergadering die langste gevul, vanaf Maart 1948 tot Desember 1964, byna 17 jaar en 17 jaar gekenmerk deur groei en vooruitgang. Dit moes deur die Heer van die Kerk so beskik gewees het dat dit hy was wat daardie posisie gedurende die tyd beklee het, want dit was juis gedurende hierdie periode dat ons volk en ons kerk van buite en binne die meeste aangeval is. Die aanvalle is geloods met ammunisie saamgestel uit godsdienstige begrippe wat deurmekaar geroer was met liberalistiese-kommunistiese idees. Met verborge politieke slagtande het die kerke in die buiteland en strominge in ons eie land van ons Afrikaanse kerke verwag en vereis om in die Naam van Jesus Christus teen die regering van ons land te draai, op grond daarvan dat die owerheidsbeleid rassediskriminasie en aantasting van menseregte sou wees. Hierdie waanbeeld het die gevaar ingehou dat die kerk die middelpunt van sy verkondiging, **naamlik die heilsfeite aangaande Jesus Christus, die Here, in Wie se Koninkryk dit nie gaan om spys en drank, staatkundige posisies en stemreg nie, maar om geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees** moes verskuif na die verkondiging van **sosiaal-maatskaplike menslike regte, posisies en verhoudings.** Toe hierdie aanvalle so vel gekom het, het ds. Oosthuizen reeds sy merk gemaak gehad as groot kerkman en patriot, maar die heldere geluid wat hy sedert die sogenaamde Cottesloeberaad met die Wêreldraad van Kerke laat hoor het en die kloekmoedige leiding wat hy in die daaropvolgende krisisjare gegee het, het die hoogtes wat hy reeds bereik het, verby gesteek. Hy was en is nog die voorbeeld van daardie „idee" wat so moeilik onder woorde gebring kan word, maar wat ons verstaan as dié element in die aard van ons voorvaders waaraan ons dit te danke het dat die reformatoriese godsdiens die voedingsaar is wat ons as 'n aparte Afrikanernasie laat voortbestaan het. Ons wat sy reaksies van naby kon waarneem, het die seldsame gawe by hom opgemerk dat hy sommer net **weet** 'n ding hou gevaar vir die kerk en volk in en eers later uit hart en verstand sy „wete" formuleer en dan so helder en duidelik dat alle teenstand versimpel en die vyande se bedekte slagtande ten aanskoue van almal blootgelê word.

In hierdie krisis, sal die geskiedenis nog sê, was hy nie die leier van die die grootste kerke nie, maar die grootste leier van die kerke.

Hy was begenadig om wetenskap en ervarings tot emosionele volwassenheid te verwerk — gebore op die plaas Leeupoort naby Fochville op die 9de Januarie 1898 toe ons volk in 'n worstelstryd om selfbehoud gewikkel was. Hy ontvang sy laerskoolonderwys op die nabygeleë plaasskool en matrikuleer aan die Gimnasium Potchefstroom vanwaar hy na die destydse Transvaalse Universiteitskollege te Pretoria gaan om aan die einde van 1923 die grade B.A. B.D. te verwerf. Maart 1924 word hy georden as predikant van die gemeente Oosrand met woonplek Germiston. Die gemeente Oosrand het destyds ingesluit die huidige gemeentes Germiston, Elsburg, Alberton, Primrose, Primrose-Oos, Boksburg, Benoni, Brakpan, Brakpan-Harmonie, Springs, Springs-Oos en Sundra. April 1928 volg hy wyle ds. Jac. van Belkum in die gemeente Heidelberg op en tree al sterker op die voorgrond in kerklike en maatskaplike sake — hy word voorsitter van die Oostelike Ring en dien op die stadsraad, Hospitaalraad, skoolraad en op beherende liggame van Volkskool, Emmadal en Houtpoort. Gedurende die depressiejare word die sierlike kerkgebou te Heidelberg onder sy leiding opgerig. April 1941

neem hy die beroep na die gemeente Noordelike Pretoria aan, wat toe die grootste gedeelte van die Moot ingesluit het. Onder sy bediening groei die gemeente tot 'n sieraad in die Kerk en word etlike gemeentes deur sy toedoen afgestig. Die eerste kerkgebou wat ons vandag beskou as langs moderne lyne ontwerp, word gedurende 1947 opgerig. Die gemeentes van Pretoria val toe onder die Ring van Rustenburg met ds. Oosthuizen as voorsitter.

In die gemeentes waar hy gedien het, sal hy altyd onthou word as 'n uitstaande pastor en opregte vriend.

Ons kan ons kwalik 'n raad of kommissie in die kerk voorstel waarop ds. Oosthuizen nie gedien het nie en die leiding geneem het nie. Vanaf 1928 tot en met sy emeritaataanvaarding dien hy met een kort onderbreking op die Raad van Finansies en feitlik vir dieselfde periode as lid van die direksie van die Weeshuis en sedert 1955 as voorsitter. Hy sal onthou word as lid en voorsitter van die Kuratorium vir die Teologiese Opleiding en op die direksies van Ons Tuis en Voortrekker Tehuis waar een van die geboue sy naam dra.

Dit was veral op die direksie van die Weeshuis waar ons vir die eerste keer kennis gemaak het met sy liefde vir die kind en waar sy inspirasie en heldere insig vir ons as spoorslag gedien het. Sy besondere begrip van die kerklike finansies en administrasie het op die weeshuisdireksie en Raad van Finansies duidelik geblyk — 'n feit wat hy nooit wou erken nie.

Sy huwelik met mej. M. R. Geldenhuys aan die begin van sy bedieningsjare is seker een van die gelukkigste waarmee ons kennis gemaak het. Dit is selde dat 'n mens 'n huwelikspaar kry waar albei sulke uitstaande leierseienskappe besit. Die dinamiese en so eg vroulike persoonlikheid van mev. Oosthuizen vereis beslis 'n aparte beskrywing. In elke gemeente en gemeenskap waarin sy beweeg het, is haar duidelike spore te vinde. Met die stigting van die N.H.S.V. het sy die leiding geneem en vir 25 jaar het sy die voortreflike orgaan van bystand vir ons Kerk as voorsitster gedien. Hierdie seldsame pastoriepaar het styl by ons kerklike funksies ingedra en gedien tot voorbeeld vir menige huis. Uit die huwelik van hulle enigste kind, dr. J. G. M. Oosthuizen met mej. Suzan Jacobs, is vyf kinders gebore — die vreugde van ouma en oupa, waar hulle op die plaas digby Klerksdorp en so digby die kleinkinders hulle gevestig het.

Oor een ding is ons bly en dankbaar — ds. Oosthuizen en Mevrou is nog daar — nog voorsitter van die Weeshuisdireksie, lid van die Kuratorium en steeds bereid om sy Kerk te dien. Sy liefde vir mense, sy vriendelike geselskap en fyn humorsin is ook nog in ons midde!

Mag hulle deur die genade van God nog lank vir ons gespaar bly.

— A. B. VAN N. HERBST.

OOM ROELFIE (RUDOLF JOHANNES BENADE)

Hy is op 20 Januarie 1878 gebore te Leeufontein, distrik Lichtenburg en gedoop te Hartebeesfontein op 3 November 1878. Hy is getroud met Elizabeth Jacomina Swanepoel op 30 Junie 1903 te Zeerust deur ds. S. J. van der Spuy. Hy het in 1904 op Bokkop gaan woon, waar agt kinders gebore is, nl. ses dogters en twee seuns en waarvan nog drie lewe.

Op Bokkop het hy en sy jongste broer, Johannes, begin met houtsaery en tambotie meubels. Die liefde vir houtwerk het hy ontdek en ontwikkel in die krygsgevangenis kamp te Bermuda. Hier op Bokkop het hulle deur eie ondervinding dit so ver gebring, dat, toe die Uniegebou in 1914 gebou is, hy en Johannes, onder kontrak van mnr. Boyce van Zeerust, die tambotie-hout stoele gemaak het, wat vandag nog in die Uniegebou staan.

In 1922 trek hy na Zeerust en werk in die meubelsaak van 'n Duitser. Later het hy weer, vir baie jare, onafhanklik sy tambotiemeubels gemaak. Sy lewe op Zeerust is nou verbonde aan sy meubelsaak. Daarin het hy hom uitgeleef en daarin gepresteer. Gen. J. J. Pienaar, L.V. van Marico, het, na 'n reis deur Italië, waar soveel nadruk op kuns gelê word, aan Oom Roelfie verseker: „Dat hulle dit daar nie beter kan doen as wat oom Roelfie dit hier kan maak nie".

Sy ander prestasie is sy diens in die Ned. Herv. Gemeente van Zeerust. Hy is in 1924 voorgestel as Diaken en later ook as Ouderling en het daarin gedien tot in 1945.

Daarby neem hy ook die Kosterskap op hom in 1927 teen £10 per kwartaal en dien in die amp tot in 1953. Sy kerk, nagmaalservies en linne was altyd so kraakskoon soos sy tambotiemeubels fyn en glad afgewerk was. Sy ander werk was Sondagskoolonderwyser en Katkisasiemeester van 1924 tot 1945.

In 1945 was sy gesondheid so swak, dat hy vir een jaar van alles

● **Vervolg op bladsy 48**

DS. T. F. J. DREYER
'n Waardering
Diensdoende predikant
April 1924—Oktober 1965.

MET die aanvaarding van emeritaat van ds. T. F. J. Dreyer in Oktober 1965, om direk daarna senator te word, het die Kerk een van sy getrouste en ywerigste predikante verloor.

Hy is op 10 Desember 1898 op die familieplaas „Leeupoort" in die destydse distrik van Potchefstroom gebore, as die seun van Thomas en Martha Dreyer. Van vader en moeder het hy dan ook hierdie liefde en ywer vir die Kerk gekry.

Na voltooiing van die laerskoolopleiding is hy in 1914 na die Gimnasium op Potchefstroom. In 1918 begin hy met sy teologiese studie aan die destydse T.U.K. Te midde van studentepret met sy identiese tweelingbroer, ds. J. G. M. Dreyer, verwerf hy in 1920 die B.A.-graad en in 1923 die B.D.-graad. Daarna gaan hy aan die einde 1923 vir verdere studie na Utrecht in Holland.

In April 1924 word die jong proponent T. F. J. Dreyer in Standerton georden. In hierdie gemeente het hy met baie ywer en vrug vir ongeveer 17 jaar gestaan. Hier het hy diep spore op baie terreine getrap wat selfs vandag nog te herken is. Insgelyks het hy vir ongeveer 13 jaar voortreflike diens gelewer in Heidelberg. In 1954 vertrek hy na die nuut gestigte gemeente Voortrekkerhoogte as predikant in spesiale diens. Deur sy ywer is die grondslag van die gemeente gelê en is ons Kerk ook in hierdie belangrike sentrum goed gevestig.

Deur sy hele kerklike loopbaan het ds. Dreyer hom vir sy Kerk beywer en in 'n reeks kerklike kommissies gedien. Reeds in 1924 word hy visescriba van die Algemene Kerkvergadering. In 1941 word hy scriba en bly dit tot hy hom in 1964 nie weer verkiesbaar stel nie. Verder was hy lid van die Raad van Finansies, redakteur van Die Almanak tot op die huidige, lid van die Redaksie van Die Hervormer, lid van die Gesangberymingskommissie en die Bybelverklaringskommissie.

Sy ywer was egter nie net tot die Kerk beperk nie. Ook op maatskaplike gebied het hy hom onderskei. Hy was o.a. verskeie kere burgemeester van Standerton en Heidelberg. Ook was hy lid van Sabra.

Sy belangstelling was wyd, maar in die eerste plek was hy predikant. Dit het my dikwels opgeval dat as dit 5 nm. word, begin hy rusteloos word, dit is tyd om huisbesoek te doen en dan wil hy nie gesteur word nie.

Dit sal seker nie onvanpas wees om af te sluit met die woorde van die Psalmdigter nie:

„Die ywer vir U huis het my verteer."

Vir 42 jaar het hy die Kerk nougeset gedien.

T. F. Dreyer.

OOM ROELFIE

● **Vervolg vanaf bladsy 46**

bedank het. Deur Gods genade het hy weer so herstel, dat hy onder ds. S. E. Young in 1947 weer Koster geword het asook lid van die Boukommissie, met die bou van die nuwe kerk.

Hy bly aan met werk tot in 1953 toe sy kragte en gesondheid so verswak, dat hy al sy werksaamhede moes neerlê.

Onder dit alles het hy nooit iets vir homself opgeëis of op iets aanspraak gemaak nie, maar op sy stil en beskeie manier sy plig, dag na dag, jaar na jaar getrou verrig.

Na die afsterwe van sy eerste vrou in 1941, is hy weer getroud met Maria Magdalena Swanepoel in 1943. Alhoewel sy blind is, het sy hom trou ter syde gestaan in sy werk en ook die huishouding korrek bestuur.

Na 'n lang siekbed sedert September 1965, is hy op 11 Julie 1966 in die Zeerustse Hospitaal oorlede.

„Jy, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou gewees, oor veel sal Ek jou stel. Gaan in, in die vreugde van jou Heer."

M. M. J. Basson.

Rhenosterfontein, Zeerust.

***DANIËL 6:11.**

„ . . . en hy (Daniël) het in sy bokamers vensters gehad wat oop was in die rigting van Jerusalem . . ."

Die afgelope week was die uitspraak van die Wêreldhof oor die sg. Suidwes-Afrika-saak wêreldnuus. Die vraag ontstaan of die Kerk dan ook daarin geïnteresseerd is dat dit op die kansel aangehaal word.

Vir die Kerk is dit so belangrik dat die drie Afrikaanse Kerke hulle lidmate opgeroep het om vanoggend by die erediens in dankbaarheid teenoor God aan hierdie gebeurtenis te dink. Vind u dit vreemd dat die Kerk Gods bestuur hierin vind?

As iemand dit vreemd vind dat die Kerke God vandag loof vir Sy genadige beskikking, bepaal ons sy aandag by die verhouding Kerk en Politiek volgens die reformatoriese begrip.

Ons voer sy gedagtes ver terug tot by die skeppingsorde. God tree op as soewereine God met 'n Opperheerskappy. Daar is geen mag of gesag bokant Hom nie en elke gesag onder Hom is geleende gesag.

Die mens was nie bereid om hierdie toestand te aanvaar nie. In verset strewe hy om God gelyk te word. Die sondedaad bring nie verhoging nie maar jammerlike vernedering vir die mens. Die ganse Skepping buk onder die vloek deur die sonde. God laat vaar egter nie Sy heerskappy en gesag oor die skepping nie.

God regeer die wêreld en alles is aan Sy gesag onderworpe. Hy regeer die wêreld deur dieselfde mens wat die bevel ontvang het . . . vul die aarde, onderwerp dit en heers . . .

God het regerings vir die aarde ingestel en beklee hulle met gesag maar eis algehele verantwoordelikheid van die gesag. Hy eis van die mens om so te regeer dat Sy skeppingsdoel in die wêreld sal geld naamlik die lof uit die Skepping tot eer van die Skepper. Wat dit verhinder moet teengestaan en uitgeroei word.

Ons bely saam met die Nederlandse Geloofsbelydenis (XXXVI): "Ons glo dat ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag, konings, vorste en owerhede verorden het, omdat dit Sy wil is dat die wêreld regeer moet word deur wette en regeringe, sodat die losbandighede van die mense bedwing kan word . . ."

Die sonde moet teengestaan word. Gods waarheid en geen leuen moet geld in die wêreld nie.

Regeerders moet steeds vra: Wat wil God en nie primêr wat wil ek of wat is die voordeel van land of volk nie. 'n Goeie volksleier is hy wat lei in die voetstappe van Hom wat hy volg, ongeag wat die gevolge vir homself sal wees.

So iemand leer ons ken in die persoon van Daniël. Daniël vertoef as banneling in 'n vreemde land. Sy sonderlinge optrede bring mee dat hy gou in 'n groot verantwoordelike posisie geplaas word. Reeds is die plan beraam om hom as heerser oor al die ander aan te stel. Dit wek jaloesie en bose planne word teen hom gesmee.

Daniel verkeer in 'n onbenydenswaardige posisie. Hy ken die God van Wie hy in die eerste plek gesag ontvang en aan Wie hy primêr verantwoording moet doen. Sy taak is eerstens om Gods Wil te doen en volgens die beginsels gevorm na Gods Woord heerskappy te voer. Dit voer Daniël deur, ongeag die konsekwensies vir homself. Sy vyande weet dit ook. Daarom besluit sy beloerders dat hulle niks teen Daniël sal

vind nie behalwe in sy Godsdiens. Alleen regeerders sonder beginsels regeer maklik.

Waar het Daniël sy krag en wysheid vandaan gekry om met sulke onderskeiding te regeer.

Ons vind dat Daniël, nadat sy vyande die bose planne teen hom gesmee het, op pad is na sy huis. Daar doen hy iets waaraan hy elke dag van sy lewe gewoon is en geen vyandelike bedreiging dwing hom van daardie beginsel af nie. In sy bokamer het hy vensters gehad, oop in die rigting van Jerusalem. Drie maal per dag het hy voor daardie venster gaan neerkniel en gebid en belydenis gedoen voor sy God.

Waarom was sy venster oop in die rigting van Jerusalem as hy neerkniel en aanbid? In stygende volgorde noem ons drie dinge waarop die oop venster uitsig verleen en sodoende voor die aanbidder staan as hy met God, deur gebed en belydenis, spreek. Daar lê sy afkoms — die huis van sy afkoms. Daar is familiebeginsels wat geld — daar is familie-eer wat gehandhaaf moet word — daar is sy geslag se toekoms wat berekening vra. Hy sê vir homself: Onthou, Daniël, uit daardie rots is jy gekap! Eer hulle en dink daaraan in die vreemde om niks te doen wat jou afkoms verloën nie. Dan bid hy tot God: Bewaar U my om daardie afkoms nie te verloën nie.

Tweedens lê daar die land van sy vadere — sy volk, die roeping van sy volk — dit wat sy volk 'n eie volk maak. As hy op sy knieë voor God staan is sy venster oop daarheen en hy bid: O God bewaar U my van ontrouheid teenoor dit wat U aan my volk gegee het om dit 'n eie volk met 'n eie roeping te maak; solank dit U behaag.

Sy venster is derdens oop op Jerusalem en voor sy geestesoog sien hy die tempelspitse. Hy dink aan die diens van God. Vir hom geld die eer van God. Gehoorsaam buig hy voor Gods waarheid en hy bid: O God, U wat regeer in Jerusalem maar ook hier in Babel, gee U my krag om steeds gehoorsaam te wees aan U wil.

So vind die vyande van Daniël hom op sy knieë en hul weet waar om die valstrik te span.

Ons sien vandag so baie regeerders ook voor oop vensters — nie op hul knieë nie — maar in bepeinsing op en af stap. Die venster is oop na ekonomiese stelsels. Hulle durf Gods Naam daar nie aanroep nie want hoe sal hul in Sy teenwoordigheid hul ekonomiese beplanning kan deurvoer?

Ons sien hul stap voor die venster oop op politieke maneuvers gerig. Hulle durf nie op hul knieë gaan en God vra om hul politieke program in Sy Hande te neem nie. Hoeveel politieke programme kan die lig van Gods Woord verduur!

Ons sien hul stap voor die venster oop op militêre krag en hoop op wapens. Baie leiers, baie oop vensters — hoeveel staan op hul knieë en bid tot God — bid tot God om die vrede en welsyn van Jerusalem?

In ons eie land, deur ons eie geskiedenis heen moet ons erken dat ons voortbestaan nooit geleë was in ekonomiese stelsels, politieke vernuf of wapenkrag nie maar deur Gods Hand. Ons eie geskiedenis het 'n bepaalde oortuiging by ons volk versterk, naamlik dat soos ons verlede, ook ons toekoms alleen in Gods Hand is. Nooit mag ons egter die gedagte koester dat ons 'n uitverkore volk is oor ander gestel en in waan verkeer dat God daarom ons sal laat voortbestaan en nooit sal laat verdwyn nie. Ons het 'n besondere roeping in Suid-Afrika **solank dit**

God behaag en solank ons getrou is aan die roeping ongeag wat mense oor ons besluit, profeteer en beplan.

Dankbaar wil ons erken dat God dikwels aan ons regeerders gegee het wat ook oop vensters in hul eie lewe en vir hul volk gehad het. Die vensters was oop in die rigting van Jerusalem.

Ons ondervind dikwels dat ons alleen staan in die wêreld. Ons ondervind dat leuens soms die grondslag vorm vir planne teen ons.

Die afgelope jare het elke Eerste Minister van ons land sy eie magteloosheid hierin erken, sover dit in eie krag geleë is. Die Kerk kan dankbaar wees vir sulke manne wat luister na die Woord wat hy verkondig en saam met die Kerk neerbuig voor God wat die wêreld regeer op sy eie wyse. Daarom sal ons vandag nie roem op 'n voortreflike regspan by die Wêreldhof nie, al is ons dankbaar vir die manne. Ons sal nie roem op ons „vriende" in die regbank nie, al is ons dankbaar vir hulle. Ons sal nie roem op ons eie reg nie want watter reg het sondaars — ons is bevoorreg om God te mag dien en voor Hom te buig.

Ons sal saam met Ps. 105:1 vandag tog roem en dank betuig want of ander daarmee spot of nie — dit raak ons nie. Ons het tot God gebid om Sy leiding en Sy genade en as sake dan verloop op 'n wyse waaroor ons self verwonderd staan en met dankbaarheid vervul is, sal ons dan nie uitjubel nie? „Loof die Here, roep Sy Naam aan, maak onder die volke Sy dade bekend?"

Laat elke volk van die wêreld dit weet dat ons vandag dankbaar is, kinderlik dankbaar is teenoor God — God wat die ganse wêreld regeer.

Ons bid God dat Hy steeds ons sal regeer deur manne wat 'n oop venster ken waar regeerder en onderdaan op hul knieë kan staan.

Voor ons sien ons 'n eie afkoms en ons bid God dat ons nie net groot huisgesinne sal hê nie maar gesonde gesinne wat gesond is omdat daar huispriesters is wat sy gesin voorgaan in diens van God.

Voor ons sien ons 'n eie land en volk en ons dank God dat Hy deur nood ons op ons knieë bring — politieke nood en natuurnood en ons bid God om krag om te werk en offers te bring wat gevra word, solank dit Hom behaag om deur ons 'n land te regeer.

Voor ons sien ons die tempelspitse en ons dank God vir die Kerk waaraan ons mag behoort. Ons bid dat Hy die Kerk sal bewaar teen valse evangelies waar mense-eer geld, sodat die Evangelie van die Bybel steeds die enigste boodskap van Hoop aan ons land, ons volk, die lande en volke om en tussen ons, ja, die ganse wêreld sal wees.

AMEN.

***Preek gehou deur ds. P. M. Smith in die Ned. Herv. Gemeente Pretoria, op 24 Julie 1966 na die uitspraak van die Wêreldhof oor die S.W.A.-saak.**

DIE OPLEIDING VAN ONS PREDIKANTE

— DR. J. I. DE WET

Die Nederduitsch Hervormde Kerk het hier in Suid-Afrika al baie vroeg uitgevind, dat hy, as hy as Kerk in hierdie land wil bly voortbestaan, hy sy eie predikante sal moet oplei. Tydens die Groot Trek het die Kaapse Kerk geweier om die Voortrekkers van predikante te voorsien en na die Trek was hy alleen gewillig om vir die Transvalers predikante te gee, as hulle onder die Kaapse Sinode staan. Aangesien die Engelse owerheid aan die Kaap seggenskap gehad het in die aanstelling van die predikante wou die Transvalers nie onder die Kaapse Sinode val nie. So was hulle aangewys op Holland waar vandaan hulle predikante moes kom en waarheen hulle seuns wat predikante wou word vir hulle opleiding moes gaan. Na die Driejarige Oorlog was die Transvalers en veral die Hervormers so verarm, dat hulle dit moeilik kon bekostig om predikante uit die buiteland te laat kom of sonder baie groot opoffering hulle seuns in die buiteland te laat studeer. Daarom het die behoefte aan 'n eie teologiese opleiding steeds groter geword.

Toe prof. P. J. Muller 'n beroep na Pretoria uit Holland aangeneem het, is daar in 1909 'n eerste poging aangewend om hier te lande ons eie predikante op te lei. Dog hierdie eerste poging was nie 'n blywende poging nie. Eers in 1917 het die Kerk se voorneme om sy eie predikante op te lei, vaste vorm gekry.

Sedert 1917 is ons teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria gevestig. En daar is 'n goeie en geldige rede waarom ons teologiese opleiding aan 'n Universiteit en nie aan 'n kweekskool geskied nie. Ons Kerk is naamlik van oortuiging dat sy predikante 'n grondige, wetenskaplike opleiding moet ontvang. So stel ons Kerk as vereiste dat enige persoon, voordat hy tot die teologiese studie toegelaat word, eers 'n B.A.-graad moet aflê. Vir so 'n B.A.-graad word as minimumvereiste neergelê minstens 'n tweejarige kursus in Grieks en Hebreeus en eenjarige kursusse in Latyn, Afrikaans en Wysbegeerte. Indien dit vir die student moontlik is, sou die Kerk graag sien dat die student 'n driejarige kursus in Grieks en Hebreeus aflê.

Ons Kerk stel kwaliteit hoër as kwantiteit. Ons het nie baie predikante nie. Dit is ook vir ons Kerk verkieslik om 'n klein klompie goedopgeleide predikante te hê eerder as om 'n hele troep swaktoegeruste oefenaars in die veld te stoot. Die voorstudie in die tale, veral, is vir 'n grondige teologiese opleiding, 'n onmisbare voorvereiste. Die basiese vakke van die teologiese studie is vanselfsprekend die Bybelse vakke, Ou en Nuwe Testamentiese wetenskap. Die tale kennis is dus noodsaaklik om die Ou en Nuwe Testament in die tale waarin hulle oorspronklik geskrywe is, naamlik Hebreeus en Grieks, te kan bestudeer. Dit is ook ons Kerk se uitgesproke standpunt, dat die Bybel die enigste bron en norm van die teologie is en kan wees. Daarom is ook by die beoefening van die ander teologiese vakke soos Dogmatiek, Christelike Etiek, Sendingwetenskap en Praktiese Teologie, die vermoë om die Bybel in die oorspronklike tale te kan lees noodsaaklik. En al hierdie teologiese vakke word bestudeer sodat ons Kerk die evangelie reg kan verkondig. Met ander woorde: Die voorstudie en kennis van die ou tale is noodsaaklik vir die werk van die Kerk en is nie ingestel om die studie moeilik te maak nie.

Dat die teologiese studie 'n lang en moeilike studie is, besef die Kerk terdeë. Die Kerk besef egter ook baie goed dat hy die studie nie sonder groot skade aan die werk van die Kerk korter en makliker kan maak nie. Tog wil die Kerk graag die mense wat vir predikant studeer sovér moontlik voorthelp op hulle pad. Omdat die Kerk nie kan dink aan besnoeiing van die Kursus nie, dink die Kerk aan ander middele en moontlikhede. Daarom het die Kerk 'n Raad, die Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, wie se taak dit is om toesig te hou oor studente en professore en om toe te sien dat alle middele aangewend word ter bevordering van die welsyn en studie van ons studente.

Die eerste hulpmiddel wat die Kuratorium daarstel is 'n beurslening vir studente. Hierdie beurslening bedra R200 per jaar. Dit word 'n beurslening genoem omdat **slegs die helfte** van dié bedrag **renteloos** terugbetaalbaar is op voorwaarde dat die student gereeld slaag en die verskuldigde leningsgedeelte terugbetaal voordat hy vyf jaar lank predikant is. Dit is so redelik as wat 'n mens kan verwag!

Die tweede daadwerklike stap wat die Kuratorium doen om die studie te bevorder, is om die eerstejaar studente **kosteloos** in staat te stel om ekstra klasse in die tale te volg. Hiervoor gebruik die Kerk van ons eie senior-studente wat oor so 'n goeie kennis van die tale beskik, dat hulle die eerstejaars wel kan help. Die enigste probleem hiermee is dat sommige eerstejaars vir hulle eie oë so slim is, dat hulle hierdie klasse nie nodig het nie. Sulke „slim" mense druip dan gewoonlik hulle eerste jaar. Vir baie beteken dit die einde van hulle teologiese studie. Dit sal dus waardeer word as ouers wie se seuns vir predikant studeer, van hulle kant hulle kinders sterk sou aanmoedig om die beste gebruik te maak van die hulp wat vir hulle gebied word.

Daar is soms mense wat predikant wil word en dan weet hulle nie watter weg om te volg nie. Daarom wil ek net die volgende hieroor opmerk: Daar moet twee dinge gedoen word naamlik:

(1) Daar moet 'n brief geskryf word aan die Skriba van die Kuratorium waarin —
   (a) aansoek gedoen word om toelating as student van die Kerk; en
   (b) indien van die Kuratorium se beurslening gebruik gemaak moet word, aansoek gedoen word vir so 'n beurslening.

   Die skriba stuur dan die nodige aansoekvorms wat voltooi en **stiptelik teruggestuur** moet word, want die Kuratorium kan nie 'n persoon toelaat as student van die Kerk of aan hom 'n beurslening toeken as hy nie die voltooide vorms in sy besit het nie.

   Die adres waaraan hierdie brief moet gaan is:
   Die Skriba,
   Kuratorium vir die Teologiese Opleiding,
   Posbus 2368, PRETORIA.

(2) Daar moet ook 'n brief aan die Registrateur van die Universiteit geskrywe word voor 31 Augustus van die jaar voordat die student na die Universiteit toe wil kom. In hierdie brief moet aansoek gedoen word vir losies en moet duidelik gestipuleer word —
   (a) Dat die student teologie wil studeer vir die Nederduitsch Hervormde Kerk; en
   (b) dat hy in die Kerk se koshuis t.w. Voortrekker Tehuis wil inwoon.

Die adres waaraan die brief gerig moet word is:
Die Registrateur,
Universiteit van Pretoria,
PRETORIA.

Verder kan net vermeld word, dat daar ook nog ander fondse is waaruit geld geleen kan word op uiters billike voorwaardes. Indien studente dus meer geld nodig het as wat die Kuratorium voorsien, kan hulle ook van die Skriba van die Kuratorium besonderhede en aansoekvorms vir lenings uit sulke fondse kry.

Ten slotte wil ek graag beklemtoon dat ons Kerk 'n kroniese tekort aan predikante het. Die tekort bestaan, nie omdat ons te min studente kry nie, maar omdat die mense wat kom nie afstudeer nie. Die rede waarom baie studente nie afstudeer nie is geleë in die feit dat baie studente met 'n verkeerde gesindheid kom studeer. Sommige dink die Kerk is verleë omdat hy 'n predikantetekort het. Ander kom omdat hulle dink dat predikantskap 'n lewenslange betaalde verlof is. Hierdie misverstande loop noodwendig op teleurstelling uit. Daarom sal dit hoog op prys gestel word as predikante en ouers wil sorg dat studente wat kom, wel met die regte gesindheid die studie aanpak. Dan sal die studie vrugbaar wees. Op stuk van sake is daar geen ander studie wat meer as teologie die moeite werd is nie.

'N LOOPBAAN IN DIE S.A.U.K.

G. J. Yssel

Baie min mense wat nie oor eerstehandse ervaring beskik nie, het 'n begrip van die bekoring wat die uitsaaiwese inhou vir diegene wat daagliks daarmee gemoeid is.

Deel van hierdie bekoring is te danke aan die trefwydte en trefkrag van die uitsaaier se programaanbiedings. In 'n onlangse UNESCO-verslag word gemeld dat die radio sedert 1955 die wêreld se belangrikste kommunikasiemiddel geword het. Hierdie status is toe te skryf aan die onmiddellikheid van die diens wat dit lewer en die radio se ongebondenheid aan afstand.

Die gevoel dat hy 'n essensiële diens verrig deur sy luisteraar te vermaak, in te lig, sy opvoeding aan te vul en 'n metgesel vir hom te wees, het waarskynlik ook baie te doen met die geesdrif wat die uitsaaier vir sy werk openbaar.

Die algemene indruk by die luisterpubliek is dat die personeel van die Korporasie slegs uit omroepers en sportkommentators bestaan. Hierdie wanindruk is verstaanbaar as in aanmerking geneem word dat die luisteraar hom moet verlaat op die stem van die omroeper om aan hom te beskryf wat in die wêreld om hom aangaan en om die kultuurskatte van die wêreld na hom en sy huis te bring. Daar word egter nie gedink aan die voorbereiding en beplanning wat alle uitsendings vooraf gaan nie, en om hierdie eensydige opvatting uit die weg te ruim, word besonderhede in verband met verskillende betrekkings in die S.A.U.K. verstrek.

Gedurende Januarie 1966 was daar altesame 1,561 blankes en 653 nie-blankes in diens van die Korporasie. Hiervan was 709 in programdepartemente werksaam, 448 in ingenieursdepartemente en 285 in die administrasie en 119 in die nuusdepartemente.

PROGRAMDEPARTEMENTE

Die programdepartemente van die Korporasie bied werkgeleentheid aan die kunssinniges. Die werksaamhede van hierdie afdeling sluit sulke uiteenlopende bedrywighede in soos omroepwerk, regie, onderhoude voer, programme bou, teksskryf, sportkommentaar, ens.

Die hoedanighede van 'n goeie programamptenaar is ondermeer om vir u 'n algemene kennis met besondere klem op letterkunde veral die drama, verder 'n lewendige en innemende persoonlikheid, vindingrykheid en inisiatief.

Behalwe die omroepers, omroepsters en Vroulike Programassistente is in programdepartemente ook werksaam organiseerders, plateprogramopstellers of opstelsters, aanbiedingsassistente, ens. Vir 'n betrekking as omroeper of omroepster, is 'n universiteitsgraad 'n baie sterk aanbeveling. Daar is standaard mikrofoontoetse wat met welslae afgelê moet word, deur die kandidate, en hierdie toetse kan by enigeen van die S.A.U.K. se ateljees in Johannesburg, Pretoria, Kaapstad, Durban Grahamstad of Bloemfontein afgelê word. Tweetaligheid is verder 'n absolute vereiste, aangesien in sommige van die Korporasie se programdienste net omroepers aangestel word wat in albei landstale kan uitsaai. Kennis van moderne tale literêre en/of musiek-aanleg, en belesenheid oor onderwerpe soos geskiedenis, kuns, die Klassieke, ens dien ook as aanbeveling.

Slegs persone met 'n deeglike musiekopleiding en agtergrond word in aanmerking geneem vir poste in die seksie vir plateprogramopstellers. Soos die naam aandui is hulle verantwoordelik vir die opstel van plateprogramme wat deur verskillende dienste uitgesaai word. Kennis van en belangstelling in platemusiek is dus 'n vereiste.

Aanbiedingsassistente werk in noue voeling met omroepers en is as 't ware hulle regterhand. Hulle moet derhalwe 'n lewendige belangstelling hê in musiek, letterkunde, drama, die toneel, ens. Hy moet ook tegnies aangelê wees omdat hy ook met tegniese toerusting werk, bv. kontrolebanke, draaitafels vir plate, bandopnamemasjiene, ens. Mits 'n aanbiedingsassistent die nodige aanleg toon en ook deur middel van privaatstudie 'n universiteitsgraad behaal, kan hy tot Omroeper/Regisseur bevorder word nadat 'n geslaagde omroeperstoets afgelê is. Daar bestaan ook 'n beperkte aantal poste vir Vroulike Aanbiedingsassistente.

Die Handelsdienste van die Korporasie nl. Springbokradio en die Spesiale F.M. Dienste met hulle flink gees van wedywering bied aan matrikulante en gegradueerdes 'n ruim keuse van wyd uiteenlopende en interessante loopbane, wat ondermeer insluit die departement van verkope, die produksieseksie, bedienings- en keuringseksie, kopieseksie, roosterseksie, aanbiedingseksie, distoteek, publisiteitseksie en rekeningseksie.

Die instelling en uitbreiding van omvattende programdienste vir Bantoes nl. Zoeloe, Xhosa, Suid-Sotho, Noord-Sotho, Tswana, Venda en Tsonga bied besondere werkgeleenthede aan vir gematrikuleerde en gegradueerde blanke persone met 'n kennis van volkekunde en Bantoetale. Radio Bantu is ook verantwoordelik vir sy eie nuusdiens, musiekseksie en handelsdiens.

Die Buitelandse dienste bestaan uit dienste in die volgende tale: Afrikaans, Engels, Duits, Spaans, Nederlands, Portugees, Frans, Swahili en Nyanya. Omroepers vir hierdie verskillende dienste word hoofsaaklik in die buiteland gewerf maar vir Suid-Afrikaners bestaan daar die volgende moontlikhede: Organiseerders, Assistent-organiseerders, Aanbiedingsassistente, Nuusmanne en Opsieners: Uitsendings. Vir hierdie betrekkings is benewens 'n goeie kennis van Afrikaans en Engels, 'n vloeiende kennis van een of meer van die vreemde tale hierbo genoem 'n aanbeveling en in sekere gevalle 'n vereiste.

INGENIEURSDEPARTEMENTE

Omdat die uitsaaiwese se bedrywighede so wyd is, word die interessante loopbane op die gebied van elektronika en radiotegniek dan ook hier aangetref. Aangesien 'n groot deel van die toerusting wat die S.A.U.K. in die land gebruik deur die organisasie se ingenieurs self ontwerp, vervaardig en in stand gehou word, bestaan daar in die organisasie se diens uitstekende vooruitsigte vir almal wat belang stel in die swakstroomingenieurswese. Verreikende ontwikkelings op gebiede soos beeldradio kan ook na Suid-Afrika kom. Sulke ontwikkelings sal aan radio-ingenieurs nuwe moontlikhede bied op die gebied van navorsing en ontwerp.

Die SAUK se Ingenieursdepartement wat onder leiding van die hoofingenieur staan, bestaan uit verskillende seksies, waaronder ressorteer

(a) Die meganiese en elektriese installasieseksie wat die ontwerp van gebouetoerusting vir nuwe senders en ateljees beheer asook lugreëling, elektriese en luginstallerings, klokstelsels en hoogspanningskragtoevoer.

(b) Die ontwerp- en installasieseksie wat die installering van nuwe ateljeetoerusting en die instandhouding van alle installasies wat reeds opgerig is behartig.
(c) Nuwe planne en ontwerpe word ontwikkel deur die navorsing- en ontwikkelingseksie.
(d) Die vervaardigingseksie wat beskik oor 'n groot en volledige toegeruste werkplaas, vervaardig 'n groot deel van die toerusting wat by senders en ateljees benodig word.
(e) Daar is ander seksies soos die wat verantwoordelik is vir die draerlyne wat die programme van die ateljees na die afgeleë senders voer, en reël vir interne telefoonverbindings, daar is die transkripsieseksie waar plate gedruk word, en verskeie ander vertakkings.

Die ingenieurspersoneel van die verskillende streke waarin die landswye organisasie van die S.A.U.K. verdeel is, staan onder bevel van streekingenieurs. Elke sendstasie en ateljeegebou word beheer deur 'n ingenieur of senioringenieur en beman deur 'n aantal tegnici, seniortegnici en assistentingenieurs. Gematrikuleerde kandidate wat as leerlingtegnici in die Korporasie se ingenieursdepartement aangestel word, word verwag om goedgekeurde kursusse aan Tegniese Kolleges by te woon. Die Korporasie gee hulle vry tyd om klasse by te woon en betaal ook hul klas- en eksamengelde. Hierdie leerlingtydperk duur gewoonlik twee jaar. Vir die belowendste leerlingtegnici is 'n baie aantreklike opleidingskema ingestel waarvolgens leerlingtegnici 'n twee jaar lange voltydse opleidingskursus in radio en elektronika aan die Witwatersrandse Tegniese Kollege kan bywoon. Nie alleen word die opleidingskoste deur die S.A.U.K. gedra nie maar die volle salaris word vir die tydperk van bywoning betaal. Ook is beurse beskikbaar vir toepaslike universiteitsopleiding.

DIE S.A.U.K. SE NUUSDIENS

Om die steeds interessanter verwikkelings oor ons hele aardbol met insluiting van ons eie Vaderland, met die minste tydverlies aan sy miljoene luisteraars binne en buite ons landsgrense oor te dra, het die S.A.U.K. 'n omvattende Nuusdiens ingestel met ruim 100 nuusbulletins per dag. Die nuusuitsendings wissel van 'n kortgolfdiens wat spesiaal vir afgeleë landstreke ingestel is tot 'n kernagtige nuusdiens elke uur van die dag en nag vir die digbevolkte gebiede van ons land. Enkele oomblikke nadat 'n opsienbare gebeurtenis waar ook al in die wêreld voorgekom het, is die Nuusdiens van Radio Suid-Afrika in staat om as gevolg van sy menigvuldige verbindings dwarsoor die aardbol, sy luisteraars daarvan op hoogte te stel en te hou, hetsy deur middel van 'n spesiale flitsberig, sy spesiale nuusdienste op die uur of sy gewone bulletins op vasgestelde tye van die dag en nag.

Deur middel van aanvullende dienste, soos die „Nuus om Nege" en 'n handelsprogram „Deadline Thursday Night", is die medium ook geskep om deur middel van aktualiteits- en agtergrond-materiaal 'n groter diepte te gee aan die daaglikse nuusbeeld. 'n Nuusdiens spesiaal vir buitelandse luisteraars gee 'n objektiewe nuusbeeld van Suid-Afrika asook 'n nugtere aanbieding van wêreldnuus. Om hierdie grootste projek elke dag van die week 24 uur uit die 24 uur aan die gang te hou, het die S.A.U.K. die dienste nodig van jong manne en vroue wat oor skryftalent beskik en wat intens belang stel in ons moderne wêreld met sy ryke nuusskakerings en wat brand om daardie verwikkelings op intelligente en verteerbare vorm in die gouste moontlike tydsbestek aan

miljoene luisteraars oor te dra. Gematrikuleerde kandidate sonder ondervinding word aangestel as nuuskadette en word aangespoor om hul studies voort te sit en indien moontlik 'n graad te behaal. Gegradueerde persone word as verslaggewers aangestel, en verdere bevorderings in die Nuusdiens geskied na verlang van bekwaamheid, inisiatief, kwalifikasies en ervaring.

ADMINISTRATIEWE DEPARTEMENTE

Aangesien geen organisasie sonder bekwame opgeleide Administratiewe personeel doeltreffend kan funksioneer nie, bied die Korporasie gulde geleenthede aan persone wat in besit is van 'n B.A., B.Comm., B.Admin., B.A. L.L.B.-grade as administratiewe assistente in die personeel-, voorrade-, administratiewe-, sekretariële- elektroniese rekenaar- en rekeninge-departemente van sy Hoofkantoor, Johannesburg en ook sy streekkantore in Kaapstad, Durban, Pretoria, Bloemfontein en Grahamstad. Goeie vooruitsigte word ook gebied aan matrikulante in klerklike betrekkings. Vir mans bestaan daar ook sulke betrekkings soos teleksoperateurs, drukkers, bouvakmanne, gebou-opsigters, motorbestuurders en deurwagte. Afgesien van betrekkings vir tiksters waarvoor voorkeur gegee word aan diegene met 'n kennis van snelskrif, shorthand of diktafoonwerk bied die Korporasie ook gelenthede vir bibliotekaresses, ontvangsdames, gasvroue, telefoniste, teleksoperatrises, restaurantopsigters en klerke in al ons seksies en streekkantore.

DIE ARGITEKTE-DEPARTEMENT

Die Korporasie se argitekte-departement met sy hoofkantoor in Johannesburg, is verantwoordelik vir die ontwerp en oprigting van sy geboue dwarsdeur die land, asook vir die instandhouding van hierdie geboue. Assistent-argitekte moet gekwalifiseerde argitekte wees ingevolge die Wet op Argitekte en Bestekopnemers van 1927, met verkieslik een of twee jaar praktiese ondervinding nadat hulle gekwalifiseer het. Daar baie van die departement se werksaamhede op uitsaai-ateljees toegespits is, word dit van aangesteldes verlang om 'n gangbare kennis in die tegniek van akoestiek en klankisolering op te doen.

Dit was dan kortliks 'n beskrywing van die verskillende werksmoontlikhede wat daar by die S.A.U.K. bestaan.

Ter afsluiting verstrek ons graag sommige van die voordele van 'n loopbaan in die S.A.U.K.:

1. Interessante en bevredigende werk.
2. Goeie werkstoestande.
3. Sekuriteit.
4. 'n Goeie salaris.
5. 'n Jaarlikse bonus gebaseer op meriete.
6. Bevordering op meriete.
7. 'n Uitstekende pensioenskema of Voorsorgfonds.
8. 'n Mediese skema.
9. 'n Groepassuransieskema.
10. Aftrekordergeriewe vir assuransiepolisse.
11. Uitstekende studiefasiliteite vir juniortegnici.
12. Milde verlofvoorregte (vakansie en siekte).
13. Behuisingskema.
14. Beursskema.

GEORGE WELLINGTON REX (1840-1923)

In sy boek „Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Rustenburg, 1850-1950" verwys prof. S. P. Engelbrecht na die Rustenburgse Kerksaak wat op die Kerkvereniging gevolg het en wat op 25 Februarie 1895 in die Hooggeregshof op Pretoria 'n aanvang geneem het. Hy benadruk ook die belangrike getuienis wat George Wellington Rex, as een van die eerste getuies vir die Nederduitsch Hervormde Gemeente Rustenburg, afgelê het. Dat ds. Jac. van Belkum van Rustenburg die getuienis wat G. W. Rex sou lewer ook belangrik geag het, kan afgelei word uit 'n brief wat hy op 16 Februarie 1895 aan hom geskrywe het en wat tans onder die Rex-familiestukke berus. Die dagvaardings het op daardie stadium nog nie opgedaag nie en die verskillende getuies is gevolglik dringend versoek om hulle onverwyld na Pretoria te begewe waar die dagvaardings op hulle bestel sou word. „Hoewel dit niet recht is", het ds. Van Belkum aan G. W. Rex geskrywe, „zoo verzoek ik U toch dringend naar Pretoria te gaan en wel zoo dat U Donderdag avond (d.w.s. op 21 Februarie — H.M.R.) daar is. Ik smeek U dat gy om der wille van het belang der zaak gaat daar wy Uw getuigenis hoog noodig hebben".

In hierdie artikel wil ek graag kortliks die een en ander meedeel uit die loopbaan van die Engelssprekende agterkleinseun van koning George III van Engeland wat hom vanaf 1855 nie alleen met die lotgevalle van die ou Zuid-Afrikaansche Republiek vereenselwig het nie maar ook lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk geword en die reg van bestaan van dié Kerk in die hoogste hof van die Republiek verdedig het.

Afkoms en jeugjare

George Wellington Rex, gebore op 25 Julie 1840 te Knysna, was 'n kleinseun van George Rex, die byna legendariese stamvader van die Rex-familie in Suid-Afrika. Sy vader was Frederick Rex (1811-1850), die oudste seun uit die tweede huwelik van George Rex met Carolina Margaretha Ungerer, terwyl sy moeder Johanna Elizabeth Bain was, 'n dogter van die bekende Kaapse padbouer en geoloog, Andrew Geddes Bain. Die huwelik tussen Frederick Rex en Johanna Bain het op 2 September 1838 plaasgevind en ongeveer dieselfde tyd het Frederick en sy skoonvader: „Kaatje Kekkelbek" geskrywe, 'n belangrike gebeurtenis uit die vroegste geskiedenis van Afrikaans as skryftaal. In die dertiger jare het Frederick as offisier 'n aktiewe aandeel gehad in die oosgrensoorloë teen die naturelle. As opgeleide landmeter het hy verskillende plase en dorpe, waaronder Fort Beaufort, opgemeet. In die eerste helfte van die veertiger jare het hy hom as onderwyser in die suidelike gedeelte van Transoranje gaan vestig en daar het majoor Henry Warden hom en sy gesin in 1845 aan die Modderrivier aangetref. Kort daarna is hy na Philippolis waar hy as sekretaris en tolk vir kapt. Sutton opgetree het. Terwyl hy regeringslandmeter in Bloemfontein was, het kommandant-generaal Andries Pretorius in Julie 1848 die gebied tussen die Vaal en Oranje binnegeval en is Frederick Rex deur die Boere gevange geneem maar op aandrang van majoor Warden vrygelaat. In geselskap van Warden en ander inwoners van Bloemfontein is hy daarna na Colesberg waar hulle die koms van

Foto van G. W. Rex en sy nege seuns, geneem ongeveer 1902/3. Agter van links na regs: Harry George; Granville Forster Venable George; William James Jennings George; Edgar Evans George. Voor van links na regs: Ernest Olferman Collins George; Frederick Edward George; George Wellington Sr.; Casper Gerhardus Bodenstein George; George Wellington Jr.; John Bailie George. Toe hierdie foto geneem is, was die tiende seun, Henry Bodenstein George; alreeds op 14 Okt. 1887 op vierjarige leeftyd oorlede.

sir Harry Smith afgewag het. Voor die Slag van Boomplaas het hy as tussenganger tussen Smith en Pretorius opgetree, die Grootrivier daarna saam met die Britse soldate oorgesteek en in Augustus 1848 aan die Slag van Boomplaas deelgeneem.

Frederick se oudste seun het blykbaar sy vader op die veldtog vergesel want hy het meer as een keer vertel dat sy perd waarop hy as agtjarige knaap gery het, net na die geveg afgeloop was, op sy agterpote gesteier het en dat met die afkom die perd se voorpote sir Harry Smith op sy perd skrams raakgekap het. Sy vader wat ook in die omgewing was, het hom bo van sy perd afgeruk en toe hy hom 'n pak slae wou gee, het sir Harry tussenbeide getree met die woorde: „No! No! Fred! Leave George alone, he'll be a good soldier one day!"

Na die anneksasie was Frederick Rex agtereenvolgens magistraat van Winburg, boetekommissaris en sekretaris vir majoor Warden wat as Resident in Bloemfontein opgetree het. Nadat hy verskillende plase en dorpe opgemeet het, waaronder die eerste 50 erwe van Bloemfontein, Winburg — waar 'n straat na hom vernoem is — en Smithfield, is hy in 1849 as regeringslandmeter ontslaan en het hy as advokaat in Bloemfontein begin praktiseer. Terwyl hy besig was met 'n pleidooi in die hof, het 'n aar in sy kop gebars en is hy op 7 November 1850 op 39-jarige leeftyd oorlede en onder blyke van groot openbare belangstelling in die ou kerkhof van Bloemfontein ter ruste gelê.

Graaff-Reinet (1851-1855)

Ofskoon Frederick Rex verskillende plase en erwe in die Oranjerivier-Soewereiniteit besit het, het die laste in sy boedel die bates oortref en is sy weduwee met ses minderjarige kinders, waarvan die oudste so pas tien jaar oud geword het, in 'n sorgbehoewende toestand agtergelaat. Vrymesselaars en familie in die Kaap het reëlings getref dat sy en haar ses kinders daarheen sou terugkeer. In 1851 het sy en haar kinders volgens oorlewering eers op Fort Beaufort gaan woon en hulle daarna op Graaff-Reinet gaan vestig.

Volgens familie-oorlewering het familielede vir 'n tydlank die ses jong kinders en hulle moeder onder hulle sorg geneem. George het op Graaff-Reinet gaan woon, eers by (sir) Andries Stockenstrom en later by Robert F. A. Lavers, 'n gedeeltelik-opgeleide medikus wat met Wilhelmina Bain, 'n suster van sy moeder, getroud was. Die mediese kennis waaroor „ou dokter Rex" later beskik het, het hy opgedoen toe hy by „dr." Lavers gewoon en in sy apteek gewerk het. Sy twee broers, Frederick en John, het in die Kaapprovinsie bly woon, het die boerdery as loopbaan gekies, en is later albei met twee Hartzenberg-dames getroud; Maria het nooit in die huwelik getree nie terwyl Anne met John Brown Evans en Henrietta met Dirk J. Aspeling getroud is. Die Aspelings het tot in 1884 in Potchefstroom gewoon en is toe weer terug na die Kaap.

Potchefstroom (1855-1858)

Toe hy 15 jaar oud was, het George na Transvaal verhuis en hom op Potchefstroom gaan vestig waar hy as winkelklerk in diens van O. W. A. Forssman getree en 'n deeglike ondervinding in alle vertakkinge van die algemene handelaarsbesigheid opgedoen het. Die driejarige ondervinding wat hy by Forssman opgedoen het, het hom vir die volgende 30 jaar goed te staan gekom en het die handel steeds sy

eerste liefde gebly, met die boerdery as 'n newe belangstelling. Eers vanaf die negentiger jare het boerdery sy hoofbelangstelling geword toe hy hom op Boschfontein, naby Rustenburg, op die verbouing van sitrus begin toespits het.

Rustenburg (1858-1864)

Na 'n liefdesteleurstelling met Johanna Goetz, wat later met ds. A. J. Begemann van Pretoria getroud is, het hy hom in 1858 of in die jaar daarna in Rustenburg as handelaar gaan vestig.

Gedurende sy eerste Rustenburgse tydperk het 'n belangrike gebeurtenis in sy lewe plaasgevind toe hy op 21-jarige leeftyd op 3 Oktober 1861 as lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Gemeente aangeneem — net hy alleen — en op 5 Oktober saam met vier ander aannemelinge, onder wie twee seuns van die latere president W. C. Janse van Renseburg, voorgestel is.

'n Tweede belangrike gebeurtenis was toe hy in die eerste helfte van 1862 as veldkornet vir Rustenburg-dorp gekies en ingesweer is. Hy was 'n ondersteuner van kommandant Paul Kruger en waarnemende president Janse van Renseburg. Sy verkiesing het plaasgevind in die tyd van die burgerwoelinge en as veldkornet en lid van die krygsraad het hy 'n aktiewe aandeel gehad in die gewapende botsings teen die ondersteuners van kommandant-generaal Stephanus Schoeman in die distrikte van Rustenburg, Pretoria en Potchefstroom. Terwyl die krygsraad in September 1862 in Pretoria bymekaar gekom het, is hy benoem om as veldkornet saam met landdros C. Potgieter en kommandant Paul Kruger 'n inventaris van Goewermentskantoor op Pretoria te maak. Kort na die Vredesluiting in November 1862 het hy as veldkornet bedank omdat hy intussen besluit het om na Waterberg te verhuis.

As veldkornet vir Rustenburg-dorp het hy destyds 'n uitnodiging ontvang om die inwyding van die nuwe kerkgebou van die Gereformeerde Gemeente Rustenburg op Kersdag 1862 by te woon. As veldkornet het hy op 8 Desember geantwoord dat hy alreeds vir sy betrekking as veldkornet bedank het en verwag om oor 'n paar dae sy ontslag te ontvang. Oor sy manskappe sou hy dus niks meer te sê hê nie maar hy het die hoop uitgespreek om persoonlik teenwoordig te wees.

'n Derde belangrike gebeurtenis wat in sy lewe op Rustenburg plaasgevind het, was sy huwelik met die agtienjarige Georgina Sarah Collins (1846-1931) op 17 Desember 1864 in die kerkgebou van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Rustenburg. Die huwelik is deur ds. G. W. Smits voltrek en tien van die egpaar se 14 kinders is ook deur hom gedoop. Die twee gesinne het mettertyd goeie huisvriende geword en dit was veral hulle gemeenskaplike liefde vir musiek wat die twee gesinne aanmekaar gebind het. George was 'n uitmuntende vioolspeler en aangesien hy toegesien het dat sy kinders musiekonderrig kry, het musiek en sang 'n belangrike plek in die lewe van die Rex-gesin ingeneem en het hulle wye vriendekring ook daarin gedeel.

Die ouers van die bruid was Ernest Olferman Collins en Emma Eastland wat hulle in die tweede helfte van die vyftiger jare op Rustenburg gevestig het en waar Collins 'n winkelbesigheid gehad het (Vgl. die „Almanak" vir 1966, bl. 63-66). In 1860 het hy egter in Waterberg (Pretoria-distrik) begin handel drywe en in 1862 die plaas Rietvallei Nr. 34 gekoop. 'n Sterk moontlikheid bestaan dat mev. Collins

en haar twee kinders voorlopig in Rustenburg bly woon het terwyl haar man in Waterberg begin handel drywe en aan jagtogte deelgeneem het. Daar bestaan 'n moontlikheid dat George hom in 1863 tydelik by sy skoonvader gevoeg en hom in sy handelsaktiwiteite bygestaan het. Volgens die inskrywing in die huweliksregister was die egpaar op 17 Desember 1864 nog in Rustenburg woonagtig. Die verhuising van die twee gesinne na Waterberg het vermoedelik eers na die huwelik van George en Georgina plaasgevind.

Waterberg (1864/5-1871)

Heel waarskynlik het George 'n aandeel in die bestuur van Collins se winkel gehad. Dit is egter ook bekend dat hy nie alleen aan jagtogte deelgeneem het nie — nuttige handelsartikels is op dié wyse verkry — maar op Rietvallei en op die langsaan-geleë plaas, Elandspoort Nr. 14, wat Collins in 1865 aangekoop het, het hy 'n gemengde boerdery aan die gang gesit nadat 'n dam in die Nylrivier gebou en watervore na die twee plase aangelê is.

In 1865 het Collins 'n stuk grond op sy plaas Rietvallei afgebaken en dit aan die Nederduitsch Hervormde Gemeente Waterberg vir kerkboudoeleindes geskenk. Met die Hervormde Kerkplein as uitgangspunt, is die dorp Nylstroom vervolgens in 1866 deur Collins uitgelê. Sy skoonseun en enkele ander persone het hulp verleen met die uitleg van die dorp en een van die strate is na George vernoem, terwyl een van die driwwe deur die Nyl teenoor Rexstraat, Rexdrift genoem is. Enkele jare gelede is die naam van die straat in Tamsenstraat verander. Die drif bestaan nie meer nie. Emmastraat is vernoem na Collins se vrou en die oudste dogter van George en Georgine Rex wat in Desember 1865 in die laer op Elandspoort gebore is, maar Emmastraat het ook 'n ander naam gekry.

Terwyl George op Nylstroom woonagtig was — na regte op Elandspoort — was hy verskillende kere lid van inspeksie-kommissies van plase in Waterberg. Sodoende het hy 'n groot aandeel gehad in die naamgewing van plase in die Waterberg-distrik en is die name van sommige van sy familie daardeur verewig. Tydens sy verblyf in Waterberg het hy deelgeneem aan veldtogte teen vyandige naturellestamme. In Junie 1868 was hy byvoorbeeld lid van 'n kommando wat teen kaptein Mapela by Makapaanspoort uitgetrek het. In November 1869 is hy beëdig as heemraad vir Waterberg-distrik en het heemraadslid gebly totdat hy aan die begin van 1871 eervolle ontslag as sodanig gekry het. In daardie jare was die hof van landdros en heemrade 'n belangrike plaaslike instelling en het die lede daarvan 'n nuttige openbare funksie vervul. Vir 'n tydlank het hy ook as 'n Algemene Agent op Nylstroom opgetree en het in hierdie verband sekretariële werk verrig, boedels beredder en vendusies gehou.

Rustenburg (1871-1873)

Na die oorlye van Collins in Oktober 1868 het mev. Collins en haar kinders in die groot platdakhuis op Elandspoort bly woon tot in 1871 toe hulle na Rustenburg teruggetrek het. In 1873 is sy hertroud met C. G. Bodenstein wat in die tagtiger jare vir 'n tydlank landdros van Rustenburg was.

George en sy boesemvriend, John Crause Bailie, het in Oktober 1872 'n vennootskap aangegaan en 'n algemene handelaarsbesigheid onder

George Wellington Rex en sy eggenote, Georgina, gebore Collins. Agter staan die egpaar se jongste, vyftienjarige dogter, Georgina Sarah Collins, later getroud met Hermann Moritz Röth. Foto ongeveer 1902/3 geneem.

die naam van „Bailie & Rex" op die dorp opgerig. Tydens sy tweede Rustenburgse verblyf het George aan openbare sake begin aandag gee en het in April 1873, onder andere, lid geword van 'n komitee wat gevorm is om fondse in te samel om vir die Hervormde Gemeente 'n melodium aan te koop met die doel om die gemeentelike sang te verbeter, 'n ideaal wat in November van daardie jaar verwesenlik is. Vanaf April 1873 het hy as heemraad vir Rustenburg begin diens doen en in die loop van die jaar ook as waarnemende landdros opgetree. 'n Uitspraak wat hy in 'n saak gegee het en wat teen die veldkornet en in die guns van 'n naturel was, het vir hom persoonlik soveel onaangenaamheid tot gevolg gehad, dat hy sy sakebedrywighede op Rustenburg gestaak en teen die einde van 1873 na Potchefstroom verhuis het.

Potchefstroom (1873-1878)

Die handelsaak wat Bailie en George in vennootskap op Rustenburg gehad het, is na Potchefstroom oorgeplaas en daar weer onder die naam „Bailie & Rex" voortgesit. In Oktober 1875 en Februarie 1877 het hulle ook saamgespan om die plase Vyfhoek en Rietfontein van D. J. Greyling en sekere regte op Witrand te koop. Verder het hulle ook van mev. H. S. Theron, gebore Lombard, die suidelike gedeelte van Erf Nr. 113 in Kerkstraat met die geboue daarop, gekoop. In Desember

1876 het George drie watermeulens en 'n wolwassery wat aan die Mooirivier geleë was, vir 'n tydperk van tien jaar van William Stamp gehuur en in die loop van 1877 en die eerste maande van 1878 het hy die meeste van sy tyd en kragte aan die bestuur van die meulens en die wolwassery gewy. Omdat die oewereienaars wat hoër op langs die Mooirivier gewoon het, mettertyd die water in so 'n mate begin wegkeer het dat sy meulebesigheid en wolwassery ernstig benadeel is, het hy 'n hofsaak teen Stamp gemaak, maar kon ongelukkig nie daarin slaag om die huurkontrak gekanselleer te kry nie. In 1878 het hy uit moedeloosheid die gehuurde eiendom verlaat, sy vennootskap met Bailie opgesê en vermoedelik aanvanklik na sy plaas Doornkloof Nr. 103 verhuis. Sy voorneme was om daar 'n winkel op te rig indien die ligging gunstig sou wees, maar hy het blykbaar spoedig besluit om hom elders in dieselfde omgewing te vestig.

Hekpoort (1878-1885)

In die eerste helfte van 1878 het hy op Hekpoort gaan woon waar hy hom op gemengde boerdery toegelê het maar ook weer heel gou 'n sake-onderneming aan die gang gesit het. In 1879 was hy ook 'n transportryer na Natal en terug. 'n Terugslag het hom getref toe al sy persoonlike en huishoudelike besittings in November 1879 op Hekpoort op 'n vendusie verkoop is in uitvoering van 'n hofbevel na aanleiding van 'n uitspraak wat hoofregter J. G. Kotze in die begin van 1879 op Potchefstroom gegee het nadat William Stamp in die tweede helfte van 1878 'n saak aanhangig gemaak het oor die verlating en verwaarlosing van die gehuurde eiendom en die nie-betaling van huurgelde vir die drie meulens en wolwassery. 'n Verdere ramp het die gesin getref toe hulle woonhuis en winkel op Hekpoort ongeveer dieselfde tyd afgebrand het.

Zandfontein (1885-1889)

Teen die einde van 1885 het hy verhuis na Zandfontein in die omgewing van Wolhuterskop aan die noordekant van die Magaliesberg. Daar het hy met sitrus, tabak en graan geboer en terselfdertyd 'n winkel aangehou. In daardie jare, na die ontdekking van goud op die Witwatersrand, het hy ook baie begin belang stel in die prospektering na goud en ander metale maar hy het hom veral toegespits op die distrikte van Zwartruggens en Rustenburg. Terwyl die gesin op Zandfontein gewoon het, is hulle jongste dogter, Georgina (Nonnie) in Julie 1887 gebore. Die dood van hulle vierjarige seuntjie, Henry, kort daarna, was vir die egpaar 'n groot slag. Sy oorskot is later opgegrawe en op Boschfontein herbegrawe.

Terwyl George op Zandfontein gewoon het, het hy op regeringsversoek hulp verleen met die bestryding van veneriese siekte onder die naturelle in die Rustenburg-distrik en in 1896 het hy weer waardevolle dienste verleen met die bestryding van koorssiekte onder die blankes in die Rustenburgse bosveld. Nadat die inwoners van Pilansberg 'n memorie aan die regering gerig het, het hy 'n ruim som as vergoeding vir sy dienste van die owerheid ontvang. Sy kennis van geneeskunde het hy gedeeltelik gekry toe hy by sy oom, „dr." Lavers, op Graaff-Reinet as 'n jong seun gewoon en hom in sy apteek gehelp het. In sy besit was ook 'n hele aantal mediese boeke sowel as geskrifte oor die homeopatie. Onder sy stukke is daar 'n aantal interes-

sante briewe van mense wat mediese hulp en medisyne vra vir 'n groot verskeidenheid van kwale. Merkwaardige staaltjies word vertel van die sukses wat hy op die gebied van die geneeskunde behaal het, in 'n tydperk waarin daar min gekwalifiseerde geneeshere in die platteland se dorpe en distrikte was. Die ou mense van Rustenburg het hom geken en geëer as „ou dokter Rex". Hy het ook dikwels tande getrek, 'n bedrewenheid wat later deur sy seun, John Bailie George (1873-1932), voortgesit is.

Rustenburg (1889-1892)

In 1889 het George vir 'n derde keer op Rustenburg gaan woon en sy aandag veral op goudprospektering toegespits sonder om egter enige sukses te behaal. Intussen het hy en sy seuns op 'n gehuurde plaas net buite die dorp hulle ook op die boerdery toegelê en veral aandag aan tabak- en graanverbouing bestee.

Boschfontein Nr. 193 (1892-1923)

Intussen het sy vriend, John Bailie in Junie 1891 in besit gekom van 'n gedeelte van die plaas Boschfontein by Olifantsnek, wat alreeds in April 1843 geïnspekteer is. Vanaf ongeveer 1892 het George die plaas van Bailie gehuur tot in Desember 1896 toe Bailie sy gedeelte aan hom verkoop het. In 1899 het hy nog twee gedeeltes bygekoop waardeur 'n groot gedeelte van die mooi-geleë en vrugbare plaas op die wesoewer van die Hexrivier in sy besit gekom het en hy in staat gestel was om mettertyd na die Tweede Vryheidsoorlog aan elkeen van sy dertien kinders 'n erfplaas te gee.

Aan die gedeelte waarop die ou opstal gebou is, het hy die beskrywende naam „Hunter's Rest" gegee want na meer as vyftig jaar het hy uiteindelik aan die noordelike hange van die Magaliesberg tot rus gekom. Die gedeelte waar George en sy gesin gewoon het, dra vandag nog die ou historiese naam. Die ruim, stewige plaashuis wat hy in die tweede helfte van die negentiger jare deur Peter Andersen laat bou het en wat vir 'n aantal jare sy groot gesin gehuisves het, staan vandag nog en was een van die weinige plaashuise in die Rustenburg-distrik wat die oorlogsverwoesting in die Tweede Vryheidsoorlog vrygespring het.

Met die aanvang van die oorlog in 1899 het die seuns wat medies geskik was by die Boerekommando's op die Wesgrens van die Republiek aangesluit en in die veld gebly tot met die algemene wapenneerlegging in Junie 1900, toe die seuns ook die wapens neergelê het. Kort daarna is die hele gesin na Pretoria waar hulle vir die res van die oorlog gewoon en buite die verdere wapenstryd gebly het. Intussen het die plaashuis op „Hunter's Rest" in besit van die Engelse leër geval en het dit vir die res van die oorlog as hoofkwartier van die Engelse leër in daardie geweste gedien. Baden-Powell, Kekewich en ander offisiere het hulle verblyf daar gehou.

Na die oorlog het die hele gesin na die plaas teruggekeer en het die heropbou van die verlate plaas weer in alle erns begin. Elke kind het sy of haar gedeelte van Boschfontein ontvang en die verbouing van tabak, graan en sitrus het baie aandag gekry. Die damme wat in die Hexrivier op Commissiedrift gebou is en die mylelange besproeiingsvore wat die vader en die seuns deur die poort en oor die plaas aangelê het, was in daardie jare as 'n besondere ingenieursprestasie beskou en het

getuig van vlyt en ondernemingsgees. In latere jare het die bekende Olifantsnekdam op die terrein van daardie eertydse damme tot stand gekom en het die besproeiingskanale oor 'n groot afstand dieselfde rigting as die vroeëre watervore gevolg.

Op „Hunter's Rest" het George en Georgina bly woon tot 1919, toe hulle vanweë hulle hoë ouderdom oorreed is om by hulle jongste dogter, mev. Georgina Röth, op die oostelike gedeelte van Boschfontein, waar die plaasskool geleë was, te gaan woon. Op 28 Maart 1923 is George Wellington Rex daar in die onderwyserswoning op 82-jarige ouderdom oorlede en die volgende dag onder blyke van besonder groot openbare belangstelling in die Rex-familiekerkhof op Boschfontein begrawe. Sy eggenote is op 17 Julie 1931 oorlede en langs haar man begrawe. Van hulle veertien kinders — tien seuns en vier dogters — is daar tans nie meer een in die lewe nie. 'n Groot aantal nakomelinge van die egpaar woon en werk in die verskillende provinsies van die Republiek van Suid-Afrika en selfs in die gebiede noord van ons grense, terwyl enkeles van hulle in oorsese lande gaan woon het.

Die nagedagtenis van George Wellington Rex word in ere gehou deur 'n spoorwegbushalte op die roete tussen Rustenburg en Johannesburg en 'n poskantoor, wat albei jare gelede op sy plaas Boschfontein tot stand gekom het en ter ere van hom „Rex" genoem is.

H. M. REX.

Kerkargief, Pretoria.
30 Junie 1966.

J. C. EN S. A. C. DU PLESSIS (GEBORE HATTINGH)

Op 1 Mei 1965 is oud-ouderling Johannes Christiaan du Plessis in die ouderdom van 80 jaar skielik oorlede op sy plaas, Leeuwpoort, in die distrik Delmas. Hy is gebore op 17 September 1884 op Welgevonden in dieselfde distrik. Op 3 Augustus 1909 is hy in die eg verbind met Susara Aletta Cornelia Hattingh wat hom, met hulle vyf seuns, oorlewe.

Ons sal sy nagedagtenis eer as Kerkman. Hy was een van die vaders van die Ned. Hervormde Gemeente van Delmas. Sy ampswerk in sy Kerk het eintlik begin toe hy in 1919 as diaken gekies is van die destydse Oost Randse gemeente. In latere jare is hy as ouderling gekies. As 'n kerkraadslid wat steeds opgesien het na die Hemelse Vader, kon hy meebou aan die gemeente en aan die Koninkryk van God. In dank-

baarheid sien ons terug op die groeipad van ons gemeente. Ons kyk oor die weg terug oor meer as 40 jaar. En oor die jare heen sien ons Johannes Christiaan du Plessis langs en by sy mede broeders kerkraadslede, altyd aan die spits. Sy oudste seun laat hy oplei vir die bediening van Gods Woord toe sy kerk 'n betreklike nood gehad het aan predikante. As landsburger het hy op veertienjarige leeftyd as penkop die wapen opgeneem vir sy volk en vaderland. Verskillende veldslae het hy meegemaak en die stryd end uit gevoer. Op latere leeftyd word hy kaptein van die Pretoria Suid-oos Skietvereniging. As boer sal ons hom lank onthou om sy groot deursettingsvermoë en taaie werkkrag, die gawe wat hy besit het om soveel vreugde en voldoening uit sy gewone dagtaak te put.

En so sal ons Oom Hansie onthou as die man met die staaltaaie uiterlike en sterke wilskrag as die uitdaging van die lewe aangedurf moes word. Maar in die innerlike naaktheid van sy hart was hy week en kinderlik teer van gemoed en sensitief in sy aanvoeling van die vreugde of leed van sy bemindes en sy vriende.

In dankbare herinnering,

D. P. SMIT,
Oud-kerkraadslid.

Delmas.

DIE AFRIKAANSE PERSWESE AS BEROEP

A. M. van Schoor

MET die geweldige oplewing van die Suid-Afrikaanse staat en die toenemende eise vir die suiwere weerspieëling van die Afrikaanssprekende Afrikanerdom se belangrike idee en daad daarbinne en in die wêreld van vandag, het die Afrikaanse joernalistiek nog nooit so 'n interessante, uitdagende en voldoeningryke loopbaan aan die afgestudeerde Afrikaanse jong man — en in toenemende mate ook, jong dame — aangebied as vandag nie.

Die Afrikaanse pers-onderneming — as saak en as taak — het 'n unieke plek in ons land verwerf. Enersyds is daar die feit dat die Afrikaanse tydskrifwese die magtigste en florerendste in Suid-Afrika is, in getalle en in leserstalle ver voor die Engelstalige tydskrifwese, wat teenoor die magtige wedywering van die maklik beskikbare tydskrifprodukte van die ganse groot Engelssprekende wêreld 'n moeisame en veelal kwynende bestaan voer.

Andersyds is daar die feit dat die Afrikaanse Sondagbladpers homself ook as 'n magtige faktor in die Suid-Afrikaanse perswese bevestig het, en nog steeds groei, trots die feller wedywering wat op hierdie terrein van die S.A. perswese ingetree het.

Daarteenoor staan egter die ewe onbetwisbare feit dat die Afrikaanse dagbladpers, hoewel in wesentlike gesag en invloed oneindig sterker as die Engelstalige, nogtans in omvang en in leserstal nog ver agter die Engelstalige dagbladpers staan. Was dit nie 'n feit dat die Afrikaanse dagblad se invloed, vergeleke met sy Engelstalige eweknie, in omgekeerde verhouding tot die grootte van die Engelstalige dagbladpers gestaan het nie, sou die Afrikaanse dagblad in 'n baie swak posisie in ons land gestaan het.

Die tydskrifpers verg besondere vermoëns en ingesteldhede van die tydskrifjoernalis. Die redaksies van tydskrifte promoveer dan ook gewoonlik uit die dagbladperskorps na hierdie gesogte posisies.

Ook die Sondagpers word gevoed uit die geledere van die dagbladjoernaliste.

Dit is dus hoofsaaklik op die terrein van die Afrikaanse dagbladjoernalistiek dat die grootste geleenthede vir die jong Afrikaanse seun of dogter lok. Feit is vandag dat in die afgelope jare die geledere van die Afrikaanse dagbloedjoernaliste geweldig uitgedun is, enersyds deur die behoeftes van die bloeiende Sondag- en tydskrifpers, maar in belangrike mate ook deur die aanvraag na ervare joernaliste in die bedryfslewe — in die vorm van skakelbeamptes, 'n opkomende vorm van joernalistieke bedryf in Suid-Afrika wat al hoe meer die begaafste kragte uit die gewone joernalistiek weglok. Ons kan vandag as feit konstateer dat dit 'n gelukkige Afrikaanse dagblad is wat 'n jong Afrikaanse applikant sommer so sal wegwys en sy potensialiteite vir die joernalistiek nie deurgrondend sal navors nie.

Wat is die vereistes vir die jong Afrikaanse seun of dogter wat hom tot die joernalistiek wil wend? Koerante verkies B.A.-graduandi, omdat die nuwe tyd, met sy nuwe vereistes, jong kragte nodig het met 'n goeie agtergrondskennis. Dit sluit egter geensins matrikulante uit nie.

Daar is geen spesifieke geskrewe vereistes vir die aspirant-joernalis

nie. Die nuusterreine wat die moderne Afrikaanse dagblad moet dek, is so wyd dat dit uitstekende vooruitsigte bied vir die applikant met die wydste geskakeerde opleiding of voorliefde — politiek (binnelands of buitelands), ekonomie (in al sy fasette), maatskaplike werksaamhede, kuns, sport. Hoewel elke toetredende jong joernalis in sy opleidingstyd intensief deur al die verskillende sektore van die joernalistieke bedryf gaan, hou die manne aan die top altyd die besondere bevoegdhede of belangstellings van die jong joernalis in ag omdat sy vermoë om op sy besondere belangstellingsterrein die hoogste potensiaal te kan bereik, vanselfsprekend die belange van die koerant dien.

Persoonlikheidsvereistes is belangrik. Die aspirant joernalis moet wakker van gees wees, met 'n voorliefde vir menslike omgang, 'n sin vir die interessante en belangrike, en 'n speurgees wat vir niks stuit nie. Aangesien taal sy instrument is, moet hy lief wees daarvoor, dit met graagte en gemak kan gebruik.

Maar bowe al is die joernalistiek 'n beroep wat 'n suiwer volksverbonde insig en aanvoeling en geesdrif van die aspirant-joernalis verg, want vir die begaafde, hardwerkende, toegewyde Afrikaanse jong joernalis is die weg wawyd oop selfs na die hoogste redaksionele stoel.

IGNATIUS M. PRINSLOO

Ignatius M. Prinsloo, in lewe ouderling van die Ned. Herv. Gemeente, Vanderbijlpark

Op 9 September 1965 het ons hom ten grawe gedra. Gebore op 16 Oktober 1895 was hy 'n kleinseun van die bekende Volksraadslid vir Potchefstroom, wyle Oudl. N. M. S. Prinsloo, woonagtig op die plaas Rietpoort naby Parys aan die Vaalrivier. Hy was uit 'n talryke gesin en word oorleef deur nog net een broer, Oudl. Dolf Prinsloo van Bothaville.

Hy was uit 'n geslag, wat die Ned. Herv. Kerk trou gedien het, tot sy einde toe. Hy was vir 19 jaar Kerkraadslid, eers in Rhodesië en die laaste tyd in die Gemeente, waar hy oorlede is.

Hy was getroud met „Bessie" Rousseau, ook 'n kleinkind van die genoemde N. M. S. Prinsloo. Die nagelate weduwee en 'n 4-tal kinders is nog in lewe.

● **Vervolg op bladsy 79**

MY TAAK

Ek het saam met duisende ander Republiekfees gevier. Dit was my plig en tegelykertyd 'n heerlike voorreg.

Nou het my gedagtes 'n endjie teruggegaan. Nie ver nie. Somaar net tot bietjie meer as vyf jaar gelede. Tot 5 Oktober 1960.

Toe het ek ook my plig gedoen, soos dit van elke verantwoordelike stemgeregtigde verwag was om te doen. Ek moes mos my stem uitbring. Ja of nee. Dit was ook 'n heerlike voorreg.

Op 31 Mei 1961 het ek gesing saam met duisende. En tog was daar 'n bietjie beklemming van die gemoed.

Hoe wonderbaarlik was die Voorsiening gedurende die afgelope vyf jaar!

Tog is die kommer weer daar. Wat lê voor? Dit wat my bedreig is donkerder en nader as vyf jaar gelede. Maar ek sien dit en begryp ek dit goed.

Sal ek oor 5 jaar as ek lewe weer aan 'n groot fees kan deelneem? Sal my kinders oor 20 jaar weer aan die hoofFees in Pretoria deel hê? Sal daar nog 'n Republiek van Suid-Afrika wees? Sal dit nog 'n Afrikaanse Republiek wees? Sal dit nog 'n blanke Republiek wees? Wie moet daarvoor streef en werk?

My gedagtes gaan terug na Maart 1965. Verkiesing van lede van die Provinsiale Rade. Weer het ek my plig gedoen en is daardie Rade van ons land vir die volgende 5 jaar saamgestel, en kan die werk ordelik voortgaan.

Maart 1966: Verkiesing van lede vir die Volksraad. Ek het my stem uitgebring en die hoogste gesag in ons land gaan voort met sy reusetaak vir die volgende 5 jaar.

Maar dan is alles mos nou in orde. Waaroor bekommer ek my. Nou kan ek mos rustig met my dagtaak aangaan.

Die Eerste Minister en sy kabinet moet nou net op en wakker wees en hul pligte nakom. My Volksraadslid is tot my beskikking waar nodig.

Die Administrateur en Uitvoerende Komitee moet sake glad laat verloop in die Transvaal. My Provinsiale Raadslid is ook tot my beskikking.

Alles is baie ordelik gereël en ingerig. Skole en Universiteite vir my kinders. Ek betaal my fondse en hulle moet hulle werk doen.

Ek weet ook wat die pligte is van my predikant en my Kerkraad. Op alle terreine is daar instansies waar ek bedien kan word en waar ek die reg het om my saak te stel.

O ja! ek ken my regte en ek weet wat al die genoemde instansies se pligte is.

Maar terwyl ek nou so agteroorsit en my koester in die gevoel van tevredenheid met die goeie verloop van genoemde sake, skakel ek in op die Afrikaanse sender van Radio Suid-Afrika en luister na die nuus. Daar word berig dat 'n een-en-twintig-jarige student aan een van ons Universiteite ingeperk is deur die Minister van Justisie; noodsaaklikheid van grond- en waterbewaring weer eens bepleit deur die Minister van Landbou; die Minister van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling waarsku dat duisende meer bantoes na die stede sal stroom as nywerhede nie verskuif na grensgebiede nie, ens.

Nou dink ek ook aan die praatjie gisteraand oor die radio onder „Sake van die Dag" toe dit gegaan het oor 'n vyandige binnelandse pers en wat verkondig word.

Maandagaand het A. M. van Schoor dit gehad oor Swart Afrika, en die buiteland in die algemeen se houding teenoor die Republiek van S.A. in „Wêreldgebeure".

In die koerant het ek vroeër vanaand gelees van die miskenning van Afrikaans in die sakewêreld en hoe Afrikaners self ook verraad pleeg teenoor hulle taal.

Is dit die rede waarom daar nog kommer in my gemoed is? Gaan dit op alle gebiede so voor die wind as wat oënskynlik die geval is? Weet ek wat aangaan?

Het ek rede om agteroor te sit en ewe tevrede my net met my persoonlike dagtaak besig te hou?

Wat is my taak in die volgende 5 jaar totdat ek weer my plig moet doen en my voorregte mag beoefen in verband met verkiesings en feesvierings?

Moet die kerke, skole en universiteite alleen omsien na my kinders?

Moet net sekere instansies my taal handhaaf en in stand hou?

Moet die Minister van Landbou Tegniese Dienste my plaas bewaar teen agteruitgang?

Moet die Minister van Justisie alleen die kommunisme afweer?

Moet die Minister van Bantoesake alleen my land blank hou?

Wie moet my vrywaar teen verdrukking in die vloed van Amerikanisme of te wel Liberalisme wat oor my spoel?

Dra ek genoegsame kennis van bogenoemde en al die honderde ander?

Weet ek waarvan ek praat wanneer ek die regering en al die verantwoordelike instansies dikwels kritiseer? Doen ek dit nie dikwels in my onkunde nie? Is my onkunde nie dikwels 'n struikelblok in die weg van vordering met die oplossing van die talryke probleme van my land nie?

Dit is my taak. Ek moet kennis opdoen. Ek moet elke dag studeer. Ek moet my bekwaam in die graad „Burgerskap van die Republiek van Suid-Afrika".

Die leerskool hiervoor is binne my bereik. Dit is my huis. My radio, my koerante, tydskrifte en boeke is elke dag tot my beskikking. Ek het geen verskoning vir my onkunde nie. Hierdie studie sal 'n deel van my dagtaak moet wees. Ek sal dit egter nie by teoretiese kennis mag laat nie. Ek moet my kennis in die praktyk toepas. Ek moet dit uitlewe.

Laat ek net so op hoogte wees van my pligte as wat ek is van ander mense en instansies se pligte. Dan sal my kritiek minder wees en waar ek wel kritiseer, sal dit verantwoordelik en opbouend wees.

Ek glo dat die Skepper volke en nasies geskep het met 'n doel en 'n taak. So ook my volk. So ook vir my.

As ek my taak ontduik en my een talent nie beoefen nie, sal my loon wees dié van die lui en ontroue dienskneg.

Laat kennis my bewys dat ek 'n taak het, en laat meer kennis my help om my taak deeglik te vervul.

As ek my plig nakom en my taak uitvoer, mak ek my Hemelse Vader vra vir Sy seën en Sy beskerming.

Dan sal ek kan juig . . . met my land en met my nasie sal dit wel wees — God regeer!

M. M. J. Basson.

Zeerust.

IMMIGRANTE KOM TOT ONS

„Hy wat emigreer, verbrand sy skepe." Tot hierdie gevolgtrekking het een van ons bekendste Nederlandse landverhuisers van die tweede helfte van die vorige eeu met betrekking tot die Suid-Afrikaanse Republiek, dr. E. J. P. Jorissen, gekom nadat hy weer 'n besoek aan sy geboorteland gebring en net soos elkeen wat 'n soortgelyke reis onderneem, besef het dat sy ou plekkie in die samelewing van sy geboorteland deur iemand anders gevul is.

Tot sy verbasing het die lewe tydens sy afwesigheid in die ou land van herkoms sy gewone gang gegaan en behoudens dat 'n aantal familielede en ou vriende na hom verlang en na sy koms uitgesien het, het ander die emigrant van weleer nie meer herken nie of hom as 'n volslae vreemdeling beskou. Ook het hy ontdek dat hy nie meer heeltemal in sy ou omgewing ingepas het nie, dat sy belangstelling anders gerig is as dié van sy voormalige landgenote, dat hy oor aangeleenthede praat wat hulle nie altyd ewe maklik kan verstaan nie, dat hy tot 'n mate onverskillig te staan gekom het teenoor daardie klein dingetjies van die lewe in sy voormalige omgewing waarin hy in die verlede wel belanggestel het. Dan ontdek hy tot sy ontnugtering dat hy 'n ander mens geword het, dat hy in sommige opsigte sy land van herkoms in die vorm van geïdealiseerde droomwêreld aanskou het, 'n droomwêreld van sy verbeelding, 'n wêreld wat nooit in werklikheid bestaan het nie maar wat 'n skepping van homself is.

Dr. Jorissen was met voldoende werklikheidsbesef geseën om na hierdie herontmoeting met sy ou omgewing tot bogenoemde kernagtige uitspraak te kom; ander wat dieselfde pad na die aanvanklik onbekende gevolg het, kom ongelukkig nooit sover nie. Hulle worstel met 'n verskeurde wêreld, met die verwronge beeld van die wêreld van die verlede en hul nuwe omgewing. Hulle kom nie tot rus nie en bly swerwers, swerwers langs die lewensbaan!

Hierin lê die droewige lot wat sommige landverhuisers tref en wat as gevolg het dat hulle hulself nêrens tuisvoel en vergelyk kan word met die wandelende Jood soos hy ons uit die Skrif tegemoet tree.

BEWEEGREDES

Verskillende oorwegings laat die toekomstige landverhuiser besluit om sy geboorteland vaarwel te sê. Met betrekking tot die verlede van Transvaal en die Oranje-Vrystaat kan vermeld word dat, waar dit die oorkoms van Nederlanders in die vyftiger jare van die vorige eeu betref, dit hoofsaaklik ekonomiese oorwegings was wat hulle laat besluit het om hul geboortegrond vaarwel te sê, terwyl 'n aantal van hulle ook na ons oorgekom het uit idealistiese oorwegings.

Tydens die presidentskap van staatspresident Kruger het Nederlandse onderwysers na die Republiek oorgekom om, by gebrek aan voldoende plaaslik opgeleide onderwysers, die bestaande onderwysstelsel uit te bou en meer in ooreenstemming met die plotseling verhoogde eise te bring wat as gevolg van die geweldige ekonomise opbloei in Transvaal hul invloed orals laat geld het. Na die ontdekking van goud aan die Witwatersrand het die bestaande suiwer agrariese samelewing noord van die Vaalrivier feitlik oornag op 'n ingrypende wyse verander. Die staatsdiens is uitgebrei en gemoderniseer, die Transvaalse spoorwegnet het sy verskyning gemaak en die vraag na bekwame werkers wat die land op velerlei gebiede self nie besit het nie, was groot.

Ten tye van die Transvaal-Vrystaatse worstelstryd aan die einde van die negentiende en die begin van die twintigste eeu het hulle gekom wat bereid was om die gepleegde onreg met die wapen in die hand te help beveg. Sommige van hulle het weer na hul lande van herkoms teruggekeer, ander het tot blywende vestiging in hul nuwe vaderland oorgegaan. Hulle wat gebly het of, nadat hulle gedwing is om die land te verlaat en na die oorlog weer toegelaat is om terug te keer, het ook hulle deel daartoe bygedra dat die son van vryheid weer geleidelik oor Suid-Afrika begin herrys het.

In die twintiger en dertiger jare van ons eie eeu het die heersende ongunstige ekonomiese ontwrigting in Wes-Europa en die toenemende oorlogsgevaar weer menigeen laat besluit om pad te gee en êrens anders te probeer om òf vir homself òf vir sy kinders 'n toekoms op te bou.

Na die jongste Wêreldoorlog is hulle gevolg deur ander wat te veel lyding ondergaan het en slegs begeer het om in vrede te lewe of geen toekoms meer vir dié lande gesien het nie wat deur oorlogsgeweld geteister is. Weer ander was van mening dat Wes-Europa vroeër of later in die kloue van die Kommunisme sou verval. Ander kon hulle nie verenig met die „verligte" na-oorlogse gedagtewêreld in Wes-Europa nie en het, met die wete dat Suid-Afrika in daardie opsig sy ou tradisie gehandhaaf het, besluit om 'n wêreld te ontvlug wat hulle s'n nie meer was nie. Ook hulle wat in persoonlike inisiatief bly glo en owerheidsbemoeiings op verskillende gebiede verfoei het, het tot dieselfde gevolgtrekking gekom en getrek.

In die loop van die tyd het die awonturiers en geluksoekers aanmerklik kleiner begin word. In die ver verlede was daar vir hulle, ook in ons land, nog altyd sekere moontlikhede; maar waar daar in ons land net soos elders in die ontwikkelde wêreld steeds meer en meer in sterk gespesialiseerde rigtings gewerk en gestudeer is en word, daar besef dié groep maar al te goed dat daar in ons samelewing geen plek en nog minder 'n toekoms vir hulle is nie.

Op grond van hierdie besonderhede kan daar dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die meeste immigrante met 'n bepaalde doel na ons land oorkom en dat dit van die heersende omstandighede in die land van die gashere afhang of hulle sal slaag of nie. Bo alles is, in dieselfde verband, die geaardheid van die immigrant, sy aanpasbaarheid, sy vakkundige kennis, sy geloofsoortuiging en die houding wat hy ten opsigte van sy nuwe land en volk van inwoning inneem, van die grootste belang. Daarvan hang dit uiteindelik af of daardie nuwe tuiste van hom na verloop van tyd sy vaderland gaan word of dat hy tot in lengte van dae in alle opsigte 'n vereensaamde vreemdeling sal bly.

AANPASSING

Een van die grootste vraagstukke waarmee die immigrant te kampe kry, is ongetwyfeld die meerdere of mindere mate van aanpasbaarheid, van plooibaarheid, waaroor hy al of nie beskik. Is hy te veel gewortel in sy ou lewensgewoontes, te sterk geheg aan bepaalde werkmetodes wat hy in sy land van herkoms geleer en prakties uitgetoets het? Kom hy met die gedagte dat sy gashere hulle na sy denke en optrede moet rig of is hy bereid om hom aan te pas? Is hy tevrede met die beskeie plek wat hy as gas in die nuwe land behoort in te neem om homself te

heroriënteer, om hom aan te pas by die lewensgewoontes en opvattings wat hy in die nuwe land aantref? Is hy tevrede om as toeskouer op te tree in verband met aangeleenthede wat hy nie behoorlik ken nie of waaroor hy, in sy hoedanigheid as nie-landsburger geen oordeel behoort te vel nie? Ons dink in hierdie verband aan die gesonde raad wat aan ons gegee is om gedurende die eerste vyf jaar van ons verblyf in ons gasland geen oordele te vel of te veroordeel nie en daarna nie meer te probeer om met gesag oor toestande en verhoudings in die land van herkoms te wil praat.

HULP EN VOORLIGTING

In die begin is die immigrant, die vreemdeling, dikwels soos 'n skip wat sy roer verloor het. Meer as eenkeer drywe hy hulpeloos op die woelige, onbekende oseaan rond. Wie gaan hom help om sy menigvuldige vraagstukke op te los, om hom te laat tuisvoel? Dikwels kom hy in aanraking met voormalige landgenote wat hom help om sy aanvanklike moeilikhede te oorwin, daarna volg die meer intieme aanraking met hulle wat as gebore landsburgers hom in alle opsigte kan voorlig en geleidelik inlyf by die kern van die bevolking.

Hier lê vir ons almal 'n groot arbeidsveld braak, 'n arbeidsveld waar ook op kerklike gebied aanhoudend ywerige werkers en werksters gevra word om van hierdie besonder belangrike werk, deur onderlinge samewerking, geduld en toewyding 'n sukses te maak. Nie altyd word hierdie pogings met sukses bekroon nie.

Menslike tekortkominge, wedersydse gevoelens van onverskilligheid kan tot ware ramspoedige gevolge vir al die betrokkenes lei. Van die nuwe immigrant word soms gesê dat hy geen aanwins vir ons land en volk is nie. Soms lê die fout by homself, soms is dit 'n gevolg van opsetlike vereensaming. In ons dagblaaie word hierdie vraagstukke dikwels bespreek en uiteenlopende menings daaroor verkondig. Ons kan gerus daaroor nadink! Moeilikhede sal nooit heeltemal uitgestryk word nie, maar andersyds kan daar deur opregte, wedersydse samewerking so ontsaglik veel goeds tot stand gebring word om van die immigrant inderdaad iemand te maak wat in alle opsigte 'n aanwins vir land en volk is en aan wie die volledige burgerskap van sy nuwe vaderland met vertroue verstrek kan word.

DIE EERSTE GESLAG

Meer as eenkeer is en word die mening verkondig dat die immigrant van geen betekenis vir sy nuwe land is nie, maar dat daar alle rede bestaan om sy kinders wel as aanwinste te beskou. Hierdie mening kan o.i. in twyfel getrek word. Dit hang van die bogenoemde, aanhoudende wisselwerking en die sukses daarvan af of bogenoemde uitspraak sonder voorbehoud aanvaar moet word of nie. Soms is die gashere te haastig indien hulle verlang dat die immigrant onmiddellik na sy aankoms alles wat hy in sy geboorteland ontvang het, onverwyld moet afskud. Hierdie beleid is o.i. nie aan te beveel nie. Gee die immigrant tyd om homself in sy nuwe omgewing te hervind, bied hom geleentheid dat hy op 'n weloorwoë wyse koers kry, staan hom by om sy rigting te bepaal, om te kies en te keur, lei hom met geduld. Andersyds is die immigrant te oorhaastig deur die onbekende hoogtes met mannemoed te bestorm sonder dat hy voor die tyd rustig oordink het of dit die regte beleid is of nie.

Wanneer ons aan hierdie geleidelike proses van eenwording van die eerste geslag met sy nuwe omgewing dink, dan gaan ons gedagtes veral na die geestelike en kulturele terreine uit. Eenwording beteken tydsverloop, oorpeinsing en oordenking. Dit beteken meer as eenkeer val en weer opstaan, dit beteken terugslae en teleurstellings aan weerskante.

Die nuwe inkomeling moet duidelik besef dat ekonomiese voorspoed, waarvoor ons land ruimskoots moontlikhede bied, nie alles is nie. Sowel vir sy eie heil as in die oë van sy gashere moet hy nie op daardie grond bly staan nie. Hy moet dieper deurdring in die wese van die volk, hy moet as 't ware probeer deurdring in die dieper roersels van die volksiel. Daardie volk se ideale en verlangens moet na verloop van tyd ook 'n wesenlike bestanddeel van sy eie ek vorm. Eers dan kan hy homself ten volle as volwaardige lid van sy nuwe land en volk beskou en met gepaste vrymoedigheid sy deeltjie tot die instandhouding en vooruitgang van sy land en volk bydra, hom beywer om sy talente in diens te stel van 'n gemeenskap waarvan hy nou ten volle deel uitmaak.

Op dié wyse kan hy, ook wanneer hy tot die eerste geslag behoort, homself in diens van daardie land en volk stel waarvan hy volgens sy beste wete en sy heilige oortuiging 'n onverbreeklike deel vorm en as sodanig aanvaar word. Om hierdie proses te laat slaag is vanselfsprekend wedersydse samewerking en menigvuldige bepeinsing een van die eerste voorwaardes.

Ons dink, met dieselfde vraagstuk nog steeds in ons gedagtes, aan manne soos dr. W. J. Leyds, dr. E. J. P. Jorissen, dr. Herman Coster, dr. N. Mansveldt, aan ds. Dirk van der Hoff, aan 'n groot aantal ander voorgangers soos dr. P. J. Muller in ons Kerk wie se wieg in Nederland gestaan en, wat hulle met ons land en volk vereenselwig het en bereid was om op 'n beskeie wyse hul deeltjie daartoe by te dra dat ons Kerk ook deur hul seënryke arbeid op hegte grondslae gebou is waarop ander later met dieselfde toewyding en onder die leiding en voortdurende seëning van die Here kon voortbou.

ONS KERK EN DIE BEARBEIDING VAN IMMIGRANTE

Op grond van wat hierbo, sy dit dan ook al sketsmatig uiteengesit is, word dit duidelik dat daar ook vir ons Kerk met betrekking tot die geestelike versorging van immigrante 'n groot arbeidsveld bestaan, 'n arbeidsveld wat gekenmerk word deur 'n groot verskeidenheid van grondsoorte, deur sy vrugbare en deur sy onvrugbare gedeeltes, waar saaiers goeie oeste of skraal opbrengste kan verwag. Maar dit bly 'n uitdaging om hierdie arbeidsveld met geloof, vertroue, volharding en oortuigingskrag te bly bewerk. Dié werkers wat in diens van ons Kerk hierdie arbeid onderneem, moet toegewyde werkers wees, werkers met volharding, werkers met 'n rype mensekennis. Mag hulle werk ryklik geseën word, nie alleen in verband met die tydelike, aardse bestaan van die mens nie, maar bo alles gesien in die lig van die ewigheid!

— Ora et labora.



LEWENSKETS VAN HERMAN SMIT

Br. Herman Smit en sy eggenote, Hendrina Fransina — gebore Van der Merwe. Herman Smit is op 24 Junie 1883 te Amsterdam, Holland, gebore en sy eggenote Hendrina Fransina van der Merwe is gebore te Humpata, Angola, op 18 September 1888.

Br. Herman Smit het in sy kinderjare sy eerste skoolopleiding in die Geref. Kerkskool te Amsterdam in Funen gehad. Toe weer in die Normaalskool N.Z. Voorburgwal en daarna in die Christelike kweekskool vir onderwysers, waar hy in 1903 ook eksamen afgelê het in die Christelike Hoër onderwys. Nadat hy in al hierdie verskillende vakke diplomas verwerf het, het hy op versoek van die Christelike Nasionale Comitee 'n kontrak aangegaan vir 18 maande lank, by die Weekblad „De Stem voor waarheid en recht", in Suid-Afrika te Burgersdorp. Op 18 Desember 1903 het hy toe per skip, die Breamer Castle van Union Castle Line, vanuit Holland na Burgersdorp vertrek, en op 18 Januarie 1904 op Burgersdorp aangekom.

In die loop van 1904 het hy die herbegrafnis van wyle president Kruger op Pretoria as verslaggewer van De Stem bygewoon.

In die begin van 1905 is hy op versoek van wyle ds. L. P. Vorster, destyds predikant van die Geref. Kerk, Burgersdorp, saam met wyle oom Jan Robbertse na Humpata, Angola, om daar as onderwyser te dien.

Onderwyl hy op Humpata besig was met skoolhou, is hy deur die kerkraad versoek om die weeklikse dienste in die kerk waar te neem. Daar sy preke vir die gemeente so buitengewoon boeiend was het die kerkraad besluit om hom op die proef te stel, met die oog dat hy in die vooruitsig as predikant van die Humpata-gemeente beroep kan word. Gewoonlik het die kerkraad net voordat hulle die kerksaal binnetree aan br. Smit die teks voorgestel waaruit hy sy preek moet lewer. En in 1906 is hy deur die gemeente van Humpata na die Unie gestuur om te trag dat hy na 'n korte voorbereiding toegelaat mag word as predikant, op grond van Art. 8 van die Dordtse kerkorde. Vir die geleentheid is ouderlinge Andries Alberts en Jacobus van der Merwe toe ook na die Algemene Vergadering van die Geref. Kerk in die Kaapkolonie, afgevaardig.

In die aand van 7 Februarie 1907 te Elliot K.K., het br. Herman Smit sy proefpreek voor die Vergadering gelewer en 'n eksegetiese behandeling van 'n skrifgedeelte. Vir die voorbereiding van sy proefpreek is hy net 15 minute toegestaan — en vir die eksegese 30 minute lank. Die teks van die proefpreek was uit Rom. 4:25. En die eksegese uit Rom. 7:7-14.

Hierna het die Algemene Vergadering soos volg besluit: „Hierdie Vergadering is van oordeel dat alhoewel br. Smit sy preek op 'n voortreflike wyse gelewer het, en daarbenewens ook 'n goeie aanleg in sy onderneming het om te verwerk, maar nogtans geen voldoende singuliere gawe besit nie. Daarom word dit wenslik geag — gesien sy jeug van 23 jaar oud — dat hy die studiekursus in Teologie nog moet deurloop".

Tegelykertyd het dit toe aan die lig gekom dat daar ook nog ander aanleidings verskuil was, nl. briewe van nagaande persone wat die omstandigheid voorlê dat ds. P. Biewenga reeds in Angola werksaam was, en ten gevolge daarvan 'n verdeeldheid van 'n Biewenga en 'n Smits-party onder die gemeentes sal ontstaan. Om hierdie dergelike onderkruipende handelwyse het br. Herman Smit besluit om nie verder te studeer nie. Terug op Humpata het hy maar weer sy skoolbedrywigheid voortgesit tot in 1912 en daarna ook met tussenpose.

